# STROOM-OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
3de TERMYN *1986*


# Koor op Segetog

Vir die derde agtereenvolgende jaar is die ADMINISTRATEURS-TROFEE vir Hoërskoolkore weer by Affies — 'n nuwe rekord!

Maar dis nie al nie! Slegs 'n week voor hiërdie prestasie, is 'n ander merkwaardige landswye toekenning gemaak. Tydens die nasionale koorkompetisie, '**APPLOUS**', se finale rondte in Stellenbosch, is ons koor as die heel beste meisiekoor in Suid-Afrika aangewys!!

(Albei hierdie kompetisies was gedurende die eksamen.)

Die koor se gesogtheid het nóg toegeneem. Dit blyk uit hul besige program. In die 10 weke voor die matrieks eindeksamen begin skryf het, het die koor dertien volwaardige optredes gelewer, 7 daarvan in kerke. Ook die radio bly nie agter nie: sedert Julie 1986 is minstens twee liedere van die koor *elke* week uitgesaai. Mev. Krüger en Christa van Kerken is ook genooi vir 'n radio-onderhoud. Koorhoogtepunte van hierdie termyn was onder andere:

- Radio-opnames deur die SAUK. By hierdie geleentheid is 7 uit die 8 liedere wat gekies is, aanvaar vir uitsaaidoeleindes ('n nuwe rekord). Boonop het die koor elke item hoogstens drie keer gesing (nóg 'n nuwe rekord vir 'n skoolkoor!)
- Boys High nooi ons uit om op te tree tydens hul "Assembly."
- Ons sing vir die eerste keer weer in ons eie skoolsaal by die Toneel- en musiekaand.

Twee ander besondere eerbewyse het die skool ook te beurt geval:

Die Universiteitskoor van Stellenbosch versoek Affies om by ons te mag optree!

Dit is die eerste maal in hul vyftigjarige bestaan dat hulle voor 'n skool, spesiaal vir die skool, optree! Hul dirigente en 5 koorlede is oud-Affies.

Die SAUK vra die koor om 1 Desember by hul televisie-ateljee te wees vir opnames. 'n Program oor koorafrigting word gemaak, en ons koor moet vir die land wys hoe oefen 'n mens nou eintlik.

Hierdie jaar — in besonder die laaste semester — was voorwaar ryk in prestasies vir Mev Krüger en haar koor.



*Mev Elmi Krüger en haar koor by die Apploustrofee.* **(Foto: Beeld)**

# Hoe spel 'n mens weer eens?

**Dis 'n dom vraag:**
**ALLE Affies weet dat 'weer eens' twee woorde is: Dis nodig as 'n mens prestasies herhaal — veral as 'n mens die Afrikaans-Olimpiade bly wen.**

Die standerd agt-, nege- en matriekleerlinge van die Afrikaanse Hoër Meisieskool, het weer eens bewys wat in hulle steek toe Affies vir die vyde agtereenvolgende jaar die Afrikaans-Olimpiade gewen het.

Hulle is nie net aangewys as die skool met die beste algehele prestasie nie, maar 'n matrieleerling, Tina Mössmer, het as naaswenner van die hele kompetisie uit die stryd getree.

Verder is 13 kandidate ook onder die eerste 171 topskoliere in die land.

Die standerd tien leerlinge was: Alita Krüger, Liesel Geertsema, Elsie-Ida Grobbelaar, Grietjie Ribbens, Melinda Steytler en Ronél Swart.

Die standerd nege leerlinge was: Helena Barnard, Landi Pieters, Etli Uys, Thea Landman en Sonja Cloete.

In standerd agt was daar net twee meisies naamlik, Maria Botha en Ellen Nicol.

Die standerd agt en nege leerlinge sal volgende jaar 'n Afrikaansweek in Bloemfontein bywoon, waar hulle met 'n hele aantal onderwerpe soos kreatiewe skryfwerk en joernalistiek sal kennis maak.


# Affies Tennis seëvier alweer

**Een, twee, drie, vier, vyf, ses! Ja, ses jaar agtermekaar wen Affies al die tennis Adminbeker. En hierdie jaar het ons geen fout gemaak nie. Reeds van die begin van die jaar het die gees hoog geloop, want ons het net een speler in die eerste span verloor.**

Drie van die vier eerste spanspelers is dan ook in die Noord-Transvaal skolespan gekies en Emile Fourie het die eer te beurt geval om die S A-skolespan te haal. Voorwaar 'n prestasie as in ag geneem word dat Emile slegs in st 8 is. Dit het dan ook nie veel inspanning gekos om deur die Noord-Transvaal afdeling te sit nie. Die kwarteind en semi-finaal was bietjie moeiliker maar nogtans het ons albei 6-0 gewen. In die finaal het ons te staan gekom teen Benoni High en die manne was nogal skrikkerig, want die Engelse is bekend vir hulle goeie tennis.

Daar het ook 'n verrassing op Affies gewag, want toe die wedstryd begin, het Benoni High hulle no 1 en 4 speler omgeruil. Dit het Affies twee wedstryde gekos maar Affies het maklik met 5-2 gewen. Die Admin was weer Affies s'n, trouens dit was nog nét Affies s'n en hierdeur is bewys dat Affies se tennis by verreweg die beste sportsoort in die skool is.

Deur toegewyde oefening en voorbereiding kan Affies se tennis net van krag tot krag en kan ons die Adminbeker 'n permanente plek in die hoof se kantoor gee.



*Mnr Kruger oorhandig die Adminbeker aan Quinin Blake tennis kaptein van die Afrikaanse Hoër seunskool se wenspan!*

# AFFIES HET REDE OM TROTS TE WEES

**Affies is 'n "snob"-skool! Ja die woorde het elke Affie al gehoor en gewoonlik word dit nie as 'n kompliment bedoel nie. Ons weet van beter — Affies het egter rede om TROTS te wees. In 'n onlangse artikel van die De Kat is die volgende geskryf: "Vir jare lank was Grey-Kollege in Bloemfontein as die topskool in Suid-Afrika beskou. Dit wil egter lyk of die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria nou hierdie skool geword het!"**

Wanneer 'n mens as standerd-sessie voor die hoofgebou staan, word die trots vir hierdie nuwe skool gebore. Daar besef jy vir die eerste keer dat duisende voor jou hulle spore hier getrap het en dat jy nou daarin gaan volg... Hulle het tradisies begin, hulle het Magnoliadal toe weggeloop, jy doen dit en dié wat na jou kom gaan dit weer doen...

Die hoofrede waarom Affies as die beste beskou word, is deelname! Op elke gebied in die samelewing onderskei Affies hom. In 'n tydperk van vyf jaar het ons tien Administrateursbekers gewen.

Watter ander skool kan daarop roem dat sportsterre soos Johan Kriek en Pierre Edwards daar gematrikuleer het? By watter ander skool lê die voetspore van ministers soos Hendrik Schoeman, Gerrit Viljoen en Magnus Malan? Uit watter skool kom vyf van die huidige tien senior regters in Suid-Afrika? Telkens kom die antwoord: die Afrikaanse Hoër Seunskool Pretoria.

In elke Affie se hart word daar 'n trots rondgedra wat nooit vernietig kan word nie. Ons is die oudste Afrikaanse skool in die wêreld en ouderdom bring tradisie wat geen geld kan koop nie! Net by Affies sal al 800-leerlinge soos een man saamstaan en by Magnoliadal gaan gees vang en dan weer soos een man saam buk om pak te kry. Wie sal in beseringstyd, en aan die verloorkant, soos een opstaan, die Affiekreet skree en dan met 'n Houdinipoging na vore kom om die Adminbeker te wen. Maar... as Affies die keer verloor, staan ons nog op en sing trots ons skoollied! Dit is hoekom ons teenstanders ons as hoogmoedig beskou...

Elke Affie weet dat die Ideale Affie ook hier skoolgegaan het, die Affie wat sy lewe gegee het om sy vriend in nood te red — die een na wie ons met trots terugdink. Sy heldedaad laat die Affies klein voel en ons word nederig. Uiteindelik is snob-wees nie meer so belangrik nie. Affies het rede om trots te wees, maar Affies bly nederig ten spyte van al sy prestasies en *dit* maak vanAffies 'n eersteklasskool.

**Redakteur: Rudi Stumpf**



*Die ou en die nuwe Affiesgeslag. Vlnr: Mnr Eric Grimbeek (1928), ds Nico Visser (1920), mnr Louis du Plessis (1921) agter en vlnr Danie Brand, Johan Gijsbers, Jacques Retief, Johan de Klerk en Corné van As is ook sigbaar.* **(H Gildenhuys)**



# Die Stellenboschkoor kuier!

**Liesel van Vuuren**

**Dinsdag, 23 September, het al die Affiemeisies met vraagtekens op hulle gesigte aan die einde van die skooldag na die saal gegaan. Dit het gou geblyk, dat daar nie met hulle geraas sou word nie, maar dat hulle deur die Stellenboschse Universiteitskoor vergas sou word.**

Acama Fick, 'n oud-Affie, het die koorlede met haar eie entoesiasme aangesteek. Die koor was nie net tegnies uitstekend nie, maar hulle meelewing was van so 'n aard dat die Affies stil was van bewondering.

In die koor is 4 oud-Affies: Ronel Nel, Madeleine Barnard, Nerina Read (almal matrikulante in 1982; Nerina was ook hoofmeisie van AHMP) en Arlene Prinsloo wat in 1983 gematrikuleer het. Die broers van oorkant die straat is verteenwoordig deur Michiel Combrink. Mev Elmi Krüger, die Affiekoorleidster, was ook lid van die bekende koor.

Elke Affie wil net die Matiekoor bedank vir hulle besoek en wil hulle graag nooi om enige tyd weer hulle gesigte te kom wys.

**Matiekoor kuier**

Voor: *Ronel Nel, Mej L Venter (Hoof), Madeleine Barnard.* Agter: *Arlene Prinsloo, Mev Elmi Krüger, Michiel Combrink en Nerina Read (Hoofprefek van 1982).*

# Jacqueline — Onbekende Affie 1986



Na baie raaiskote het die geliefde Jackie (vir haar maats) Liebenberg toe hierdie jaar die gesogte Onbekende Affie geword. Met haar pragtige voorbeeldige lewe, binne en buite die skool, haar innerlike en uiterlike reinheid is sy 'n voorbeeld vir al die onbekende Affies in ons midde 'n voorbeeld om jou eie lewe op te bou.



*Mev Van Vuuren se vuurtjie sal nie sommer geblus word. Verseker sal dié boom vinnig groei.*

# Bewaringsdag Eerste Keer Sukses In Jare

**"Ons kan dit nie glo nie! Dit het gewerk!" In 'n paar woorde gesê wat Bewaringsdag '86 was! Op 'n wonderlike lentedag in Pretoria het die Affies die skoolwerk links laat lê en al hulle aandag gewy aan die lente, boeresport en meisies!**

Verrigtinge het reeds vroeg by die seunskool in aanvang geneem. Na 'n baie insiggewende opening deur dr Piet Strauss het daar weer 'n opflikkering in almal se oë gekom toe 'n paar oud-Affies vertel het van hulle dae... Terwyl die boomplantseremonie, wat na die toesprake gevolg het en wat bygewoon is deur die oud-Affies, personeel en prefekte, het die landloopbyeenkoms plaasgevind wat sommige deelnemers baie geniet het en ander nie.

Na hierdie verrigtinge het die "Musiekskool" oorgekom. Sakresies, toutrek, eet, speel en "chat" was toe op die agenda van die dag. Die dag is afgesluit met 'n gebruiklike raakrugbywedstryd tussen die Matrieks en onderwysers. Die Uitslag...? Nou ja!

Bewaringsdag '86 — dit was werklik genoeglik...

**'J A van der Berg**

# STEIJN LEGENDE

Almal wat iewers in hul familie of vriendekring 'n oud-Affie het, behoort die volgende toneeltjie te herken:

"Juf. Steijn... Ja... (Diep asemteug) 'n Mens kan haar nie beskryf nie... (Nog 'n dieper asemteug. 'n Oomblik se stilte en dan:)

"*Sy was ongelooflik!* Daar was byvoorbeeld die keer wat sy vir die Eerste Minister gebel en met hom geraas het omdat hy sy kind met 'n motor voor die hoofingang afgelaai het en daar was die keer wat 'n Affieseun in haar tuin getrap het en sy hom twintig jaar later daaraan herinner het en, en, en..."

So 'n sessie, kan daar met redelike sekerheid getuig word, duur enigiets van 'n halfuur tot twee uur. Die arme Affie moet gedwee sit en luister na 'n vurige relaas oor wat hy/sy vermoed 'n supermens is.

Affies het Mej Steijn op 13 Augustus na die skool genooi om haar verjaarsdag te vier. Na die geleentheid om vir Mej. Steijn te ontmoet, is die algemene gevoel: Sy is 'n supermens! Mej. Steijn is klein en sy praat nie baie hard nie, maar haar persoonlikheid kan 'n hele saal vul.

Mej. Steijn was 'n hoof wat dinge kon laat gebeur. Mej. Venter het vir ons vertel hoe sy vir verskeie verbeterings op die skoolgrond, onder andere die teer van die paaie op die skoolgrond en die bou van 'n skoolsaal met 'n orrel, gesorg het. In die toespraak wat sy self gelewer het, het Mej. Steijn melding gemaak van kunswerke van byvoorbeeld Pierneef, Maggie Loubser en Lourika Postma wat sy vir die skool gekoop het. Mej. Steijn was ook die persoon wat die kerkafsluiting ingestel het. Dit is die eerste keer in 1945 gehou. Vanjaar sal dit dus die een-enveertigste kerkafsluiting wees.

Affies is trots op hulle oudhoofde. Deur die werk wat hulle gelewer het, kon die skool groei. Daar word tot vandag op hulle bydraes gebou. Kontak met die oud-hoofde versterk die trots in die skool. Die leerlinge werk doelgerig vir die toekoms, met die besef dat hulle gerugsteun word deur 'n lang en trotse tradisie.

Affies bedank Mej. Venter vir die geleentheid om Mej. Steijn beter te leer ken en spreek die wens uit dat die vier van ons oud-hoofde se verjaarsdae 'n gereelde instelling in ons skool sal word.

# BOERESPORT-NUUS

**Volgens die HAT Verklarende Woordeboek word die onderstaande begrippe as volg gedefinieer:**

**boer: landbouer, veeboer, plattelander**

**sport: liggaamsbeweginge, liggaamsoefeninge**

**nuus: tyding, berig oor wat kort gelede gebeur het**

**Boeresportdag was Bewaringsdag was Boeresportdag in Affieland. Uitgevat in sportdrag het die sportiewes en sportkykers boeresportnuus gemaak.**

**Met verwysing na die definisie het die Affie-boere (landbouers, veeboere en plattelanders) saamgetrek en sport was die hoofdis van die dag. Liggaamsbeweginge en liggaamsoefeninge (per definisie) is uitgevoer met verskillende variasies. Die kommentator het die aanmoedigingswerk gedoen en gereeld verslag gegee van die boereverneukery, want glo my, daar is op elke denkbare manier gepoog om die uitslag in 'n bepaalde rigting te beklink. Boereromanse het ontwikkel oor 'n koppie boeretroos en boerewors.**

**Ter afsluiting: 'n stukkie boereraat aan die personeel. "Black cat" — grondboontjiebotter het die deurslag by die toutrek gegee — onthou dit vir 1987!**

*Sunél Smith*



# GENÉ IS VEELSYDIG

**Beteken veelsydig om baie sye te hê? Nee. Op die jaarlikse prysuitdelingsfunksie van AHM is Gené Visagie, 1986 se redaktrise van Stroom-op aangewys as dié veelsydigste onder die veelsydige Affies omdat sy op vele terreine betrokke was en 'n bydrae gelewer het.**

En veelsydig is die Affies, want hulle kan swot, spring, swem, hardloop, redeneer en selfs koskook. Gené is akademies knap, sy was tenniskapteine, voorsitster van die debatsvereniging en les bes Redaktrise van hierdie blad wat so pas deur die Junior Rapportryersbeweging aangewys is as een van die beste skoolkoerante.

[Ons is trots op jou! — *Red.*]



**Sonja van Eeden gebore op 2 November 1971 en oorlede op die 10de November 1986.**

**Huldeblyk deur Meghan Lindeque**

Ons het haar geken as 'n stil en beskeie mensie. Sy het nooit enige duidelike emosies getoon van blydskap, woede, liefde of haat nie. Diegene van ons wat haar beter geken het, het haar geken as 'n mensie wat God in haar lewe geëer en gedien het in alles wat sy doen.

Daarom is dit vir ons en almal wat haar liefgehad het, 'n troos om te weet dat sy gelukkiger is as wat sy ooit hier by ons was.

Ons en die personeel mis ons maat en word telkens daaraan herinner as ons haar leë bank sien.

[Hiermee wil ons ons diepe meegevoel uitspreek teenoor haar ouers en broer vir wie haar plekkie leeg sal bly en die enigste troos is dat sy in die Vaderhuis rus. — *Red.*]

# PRYSUITDELING

**Op Donderdagaand, 23 Oktober, het die Afrikaanse Hoër Seunskool hul jaarlikse prysuitdelingsfunksie gehou. Op hierdie prestige-geleentheid is die room van Affieland beloon vir hul harde werk deur die jaar.**

Die aand is op gepaste wyse deur ds W J Pretorius geopen. Die verwelkoming is gedoen deur mnr P J S Swanepoel terwyl mnr T L P Kruger 'n kort revue van die skool se aktiwiteite oor die jaar gegee het.

Die uitdeel van die toekennings is afgeskop met die oorhandiging van alle sporterekleure. Deur die afgelope jaar is daar aan 14 sportsoorte binne skoolverband en 'n verdere vyf buite skoolverband deelgeneem. Daar is provinsiale kleure in agt sportsoorte verwerf en 'n totaal van 28 toekennings is gemaak.


Die volgende op die program was sporttoekennings en trofeë waar al die uitblinkers in spesifieke sportsoorte, hul welverdiende erkenning gekry het. Daarna is die trofeë wat die verskillende sportspanne verower het, toegeken.

Dit het ons dan gebring by die akademie en hier moet ons veral daarop let dat die stelsel van boekpryse verval het. Dit is vervang deur wisseltrofeë vir die st 9 vakprestasies en vakprestasieskilde vir die Matrieks. Dit word toegeken aan leerlinge wat die hoogste gemiddelde persentasie in 'n vak behaal het. Met die borg van dié trofeë is die hulp van die oud-Affies ingeroep en soos gewoonlik het dié staatmakers die wa met vlieënde vaandels deur die drif gesleep.

Hierna is al die teenwoordiges vergas met 'n uitstaande sangsolo deur Affieland se eie Jacques Swanepoel.

Vervolgens is die medaljes aan die betrokke kandidate oorhandig, 'n Bronsmedalje word verwerf as daar twintig medaljepunte agter 'n kandidaat se naam staan, 'n silwer vereis dertig punte, terwyl jy 'n volle veertig moet hê vir die gesogte goue medalje. Die limiet vir die rare tweede goud is egter opgeskuif na sestig medaljepunte.

Die prefektegroep vir 1987 is hierna aan die ouers voorgestel waarop hulle dan ook elkeen hul baadjie en 'n afskrif van die erekode ontvang het. Stroom-op sien in die lig hiervan nog 'n goue jaar vir Affies.



*Affies se trots, die verwerwers van volle skoolerekleure: Con Purchase (ook met die alsydigheidstrofee bekroon), Gawie Kolbé (Die Ideale Affie), Danie Brand (Buitemuurse : kulturele en sportuitblinker), mnr Pierre Edwards (adjunkhoof wat 1980 Affies se volle erekleure verwerf het.) Meyer Nell (hoofseun 1986 en bekroonde leier) en Dirk Wÿnbeeck (redenaar en taalhandhawer).*

Daarna het die prestige-toekennings vir 1986 gevolg. Die enkeles wat hier beloon word, moes op die betrokke aand wag om uit te vind wie die eer te beurt gaan val. Vier leerlinge het die TOD-skoolbesoeksertifikate ontvang vir twaalf jaar skoolbesoek, nl. Rankin le Roux, Org May, Christo Potgieter, Nico van Straten.

Die Sportman van die Jaar is toegeken aan Corné (Vlermuis') van As vir sy ongelooflike prestasie as paalspringer wat insluit SA-rekords vir O/16 sowel as O/17 asook 'n derde plek op die SA-seniorkampioenskappe.


Die toekenning vir die beste handhawer van Afrikaans gaan aan Dirk Wijnbeek. Watter ware Affie sal dan sy uitstekende toesprake in die interne redenaarskompetisies vergeet.

Vervolgens is die skilde aan die akademiese dux-leerlinge in die onderskeie standerds oorhandig. In st 6 het C Steyn die boonste sport bereik terwyl Ampie Barnard in st 7 koning gekraai het. G Venter en P Wolmarans het onderskeidelik in st 8 en st 9 die septer geswaai, terwyl die alombekende Phillip Page stof in die ander Matrieks se oë geskop het.

Die Perskortoekennings is aan die volgende Matrieks toegeken. Vir akademiese prestasie aan Phillip Page, vir leierskap aan ons hoofindoena, Meyer Nell en vir buitemuurse bedrywighede aan Danie Brand.

Die Ideale Affie toekenning wat gemaak word op grond van eienskappe soos dapperheid, deursettingsvermoë, prestasie, toegewydheid, gedrag en sportmangees, is toegeken aan die navolgenswaardige Gawie Kolbé, lid van ons beroemde eerste tennisspan en ook 'n uitblinker op akademiese gebied.

Die Ambassadeurstoekenning word aan die leerling wat die skool se naam die beste uitdra, toegeken en het Corné van As die toekenning, met sy uitstekende prestasies op die atletiekveld, ingepalm.



*Philip Page, die st 10 akademiese Dux-leerling 1986.* **(C. Vermeulen)**

Die Alsydigheidstrofee is toegeken aan Con Purchase, 'n uitblinker op akademiese- en kulturele gebied en ook 'n doring op die rugbyveld en veral die krieketveld.

Die mees gesogte eerbewys wat 'n leerling aan Affies kan kry, is seker die skool se volle erekleure. Dit word jaarliks aan Matriekleerlinge toegeken wat aan baie streng vereistes moet voldoen. In 1986 is dit aan vyf leerlinge toegeken nl. Meyer Nell, Danie Brand Con Purchase, Dirk Wijnbeeck en Gawie Kolbé.

Aan al die Affies wat erkenning vir hul harde werk tydens die prysuitdelingsfunksie gekry het, wil Stroom-op 'n woord van hartlike gelukwensing rig. Hoe sê hulle nou weer... alles wat jy in Affies insit, sal jy drievoudig terugkry!

**Albér Bekker**



*Mev G J van Vuuren ontvang haar medalje vir 16 jaar getroue en gewaardeerde diens aan Affies.*

**(C. Vermeulen)**

# EXPO Affies maak skoonskip

**Dit kan met reg gesê word dat Affies die suksesvolste Expo tot dusver gehad het — sekerlik ook een wat nie maklik vergeet sal word nie! Aan diegene en skielike mislukkings sowel as meevallers, was daar definitief nie 'n tekort nie...**

Philip *Einstein* het 'n *Reis deur die Heelal* (Alber, Heinrich, Johan en Charles) onderneem. Martin se *Toergids* en die aanwending van *Kernkrag* (Fanie en Roché) was van groot waarde maar die *Windtonnels* (Lajos en Charles) sowel as die *Optiese Illusies*, (Johan) geskep deur die *liguitstraling*(!) van die maan, het hom soms van die spoor gebring. Omdat hy die basiese beginsels van *Elektrisiteit* (Barend) op skool geleer het, kon hy met *Ligte Kommunikeer* (Hans en Henk) om veilig te land.

Hy land toe tussen Rian se *Kristallografiesgeklassifiseerde Klippe* wat amper net soveel is soos Johan *Avoqadro se Getal*!

Die voëlgesang van 'n *Rooiborsduif*
Louis) word met behulp van 'n *Paraboliese Klankweerkaatsingsapparaat* (Thys) opgevang maar dit lok toe weer slange aan! Philip probeer die *slanggif* (Luan en Jaco) onskadelik maak deur *Ammoniak* (Christoffel) te berei maar daar vorm met *Kristalle* (Anton en Johann).

Van skone moedeloosheid gaan sit hy tussen die *Bedreigde Vetplante* wat nou weer volop is danksy James se *Entingsmetodes* en probeer homself *Motiveer* (Jan-Albert) vir 'n volgende *Relatiewe* reis!



*EXPO: UITBLINKERS*
**Voor vlnr:** *Louis Roché, Anton, Thys.*
**Middel vlnr:** *Luan, Johan, Philip, Mev A Smit, Albert, Johan Heinrich.*
**Agter vlnr:** *Hans, Johann, Christoffel, Charles, Rian, Jan-Albert, Jaco, James.*




*'n Klompie st 6E's met hul toneeltrofee.*

# *PRYSUITDELING: 21 OKTOBER 1986*

**Elke jaar hou Meisieskool 'n prysuitdeling om die leerlinge wat die beste punte in al die vakke behaal het, te bekroon.**

Die Hoof, Mej L Venter, het vir Dr D J C van Wyk aan die woord gestel om met skriflesing en gebed te open. Dié koor het daarna die Onse Vader gesing.

Mej Venter het almal hartlik verwelkom en gepraat oor die skool en sy prestasies. Sy het ook verduidelik: Wie word bekroon?

A M H P is eerstens 'n Akademiese skool, tweedens 'n kulturele skool en hulle streef na gebalanseerdheid — om sodoende ook 'n sportskool te word.

Hardwerkendes, die wat volhardend en met toegewydheid werk, word bekroon. Almal se dank gaan aan ons Skepper wat hierdie talente geskenk het en ook geleentheid bied om daarmee te woeker. Daar word ook dank teenoor die dogters uitgespreek vir hul selfdissipline en hulle ouers wat hulle altyd bystaan. Dankie ook aan al die onderwyseresse en gelukwensing aan almal.

Die strykensamble het ook opgetree met Elizabeth de Jager ons begeleidster en Mev Swart as afrigster.

Mnr Buys, Dr Malherbe en Brig Robbertz was die eregaste van die aand. Mnr Buys het ook later 'n prys aan die skool oorhandig vir die wenners van die Afrikaans-Olimpiade.

Die Lanternprys is aan Desiré Tessner oorhandig. Die Archimedesprys aan Maria Botha en Ekspo '86 het 2 medaljes oorhandig; 'n Brons medalje aan Jeannine Muller en Goud aan Nandi Visser.

Baie dogters is vir akademiese uitslae geprys en bekroon. Maria Botha (St 8) het met 5 boekpryse weggestap. Marita du Plessis (St 9) het ook 5 pryse verower. Terwyl Elsie-Ida Grobbelaar in Matriek die meeste boekpryse ontvang het.

Die Onbekende Affie van 1986 is Jacqueline Liebenberg en die Veelsydige Affie is Genré Visagie (Stroom-op Redaktrise '86).

Baie hartlik geluk aan almal wat baie hard gewerk het en sterkte vir 1987.

# REDAKSIE 1987

**Redakteur**
Rudi Stumpf

**Sub-redakteur**
Evan Andreou

**Algemeen**
Christoffel Bleeker
Fanie Herman
Hendrik Viljoen
Jan-Albert van den Berg

**Sport**
Arno Steynberg
Carl Esterhuysen

**Kultuur**
Luan Kloppers
Alwyn Kaltwasser
Alber Bekker
Willem van Staden

**Foto's**
Albert Pretorius
Bennie du Toit

**Redaktrise**
Helena Barnard

**Sub-redaktrise**
Cornel Breytenbach

**Kultuur**
Juanita Poolman
Laura Nothnagel
Sunél Smit
Liesel van Vuuren
Brenda Maree

**Sport**
Ronel de Beer
Hedwig Schuman

**Foto's**
Danelle van As
Jeanne le Roux
Krista van Rijn


**Algemeen**
Ellen Nicol
Liese Tegtmeier

**Reklame**
Lia Chrissopoulos
Janine van Staden

# OUD-AFFIE VAN DIE TERMYN: MEV. ELIZE PIENAAR

**Mev. Elize Pienaar sal aan die einde van 1986 reeds 29 jaar werksaam wees in die Departement Afrikaans aan A.H.M.P. Van hierdie jare het sy lang diens as vakhoof en later as Departementshoof: Amptelike Tale agter die rug.**

**Onder haar bekwame leiding het die Afrikaanse departement selfs in die ander provinsies bekendheid verwerf deur reeds 5 keer die Afrikaans-Olimpiade te wen.**



*(Mev. E. Pienaar)*

Haar vakkennis is so voortreflik dat sg. taalkenners al voor haar kennis die knie moes buig en om haar opinie in taalsake vra. Vir die Afrikaanse Departement was dit dus 'n onherstelbare verlies toe Mev Pienaar aankondig dat sy aan die einde van 1986 uit die Onderwys tree.

Hoe onvervangbaar Mev Pienaar op vakgebied is, is duidelik, maar hoe Affieland sonder 'n mens van haar integriteit en deernis moet klaarkom, is ondenkbaar. Kollegas kan jou vertel dat 'n mens in 'n krisisuur (persoonlik of akademies) altyd haar hulp en leiding soek. Nooit was sy te besig of te belangrik om 'n Affiekind en veral 'n kind met 'n seer hart op te beur en na haar storie te luister nie. Moet net nie dink, dat jy egter met 'n "storie", hoe goed uitgedink, die paal sal haal as jou werk nie gedoen is nie!

Bo al haar vakkennis, medemenslikheid, en ander voortreflikhede, is Mev Pienaar 'n Opvoeder in die ware sin van die woord en kan sy op haar besondere wyse net die beste haal uit elke kind wat so bevoorreg was om in haar klas te sit.

C M van den Heever skryf in sy werk "Somer" onder andere: "Dit is die ware betekenis van die lewe: dat in alles wat vir jou skoonheid was, waar jou hart aan hang asof jy dit nooit kan verlaat nie, die afskeid reeds te lees is." Maar dis nie net 'n blote kringloop van die lewe nie. Dit is 'n wonderlike voorreg van ware menswees, want saam met die afskeid is daar altyd die hoopvolle verwagting vir die toekoms. Mev. Pienaar, die Stroom-op redaksie wens vir u en dr Pienaar net die allermooiste toe vir die toekoms.

# Oud-Affie van die termyn

## FRANCOIS JACOBUS LE ROUX

**Mnr Frank le Roux is gebore te Pretoria, op die 24ste April 1925 en het skool gegaan aan die Laerskool Pretoria-Oos, die Afrikaanse Hoër Seunskool Pretoria en het aan die Universiteit van Pretoria die Grade B.A. (Regte) LLB verwerf.**



Mnr Le Roux het saam met sy ouers in 1930 as vyfjarige seun, by die Arnoldus Pannevis Koshuis aan die Oostekant van die skool ingetrek, waar hulle gewoon het totdat mnr Le Roux, senior, afgetree het as hoof van Afrikaanse Hoër Seunskool aan die einde van 1946. Hy was dus vanaf sy voorskoolse jare baie intiem verweef met die lief en leed van AHS en is tans nog lid van die Oud-skoliere Bond van die skool.

Mnr Le Roux was verbonde aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, vanaf 1939 tot 1942.

Hy is getroud met mev René Le Roux, en het twee seuns en twee dogters, asook vier kleinkinders (twee seuns en twee dogters). Mnr Le Roux se jongste seun, Rankin, lê aan die einde van 1986 sy Matriekeksamen aan die Afrikaanse Hoër Seunskool Pretoria af, en is die laaste kleinseun van wyle mnr F J le Roux, die eerste Hoof van AHS wat sy skoolloopbaan aldaar voltooi.

Hy het in 1980 begin praktiseer as 'n Prokureur, Aktevervaardiger en Notaris en het hom in Oktober 1952 in Brakpan gevestig. Hier het hy die Prokureurspraktyk van mnr John Vorster, later Eerste Minister van die RSA oorgeneem, en sy lewenslange vriend gebly. In Februarie 1972 het hy Volksraadslid vir die kiesafdeling Brakpan geword, en lid van die Nasionale Party Studiegroepe, Buitelandse Sake, Justisie, Polisie, Mannekrag en Afsonderlike Ontwikkeling geword. Mettertyd het hy Sekretaris en Voorsitter van die Justisie en Polisiestudiegroepe geword. In 1981 is hy verkies as Transvaalse Sweep van die Nasionale Party, en in Augustus 1981 het hy Adjunk-Speaker en Voorsitter van Komitees in die Volksraad geword.

In Februarie 1982 het hy weggebreek van die Nasionale Party en 'n Stigterslid geword van die Konserwatiewe Party.

Gedurende sy loopbaan as lid van die Parlement, het hy verskeie lande besoek, onder andere Frankryk, die Verenigde Koninkryk, die VSA, Wes-Duitsland en die Republiek van China.

Tans is mnr Le Roux die Voorsitter van die Studiegroep Mannekrag, van die Konserwatiewe Party en ondervoorsitter van die Studiegroep, Buitelandse Sake en Mineraal en Energiesake, dien op die Dagbestuur en is Voorsitter van die Regskommissie van die K.P.

Die Le Roux voetstappe het diep spore in Affies getrap, wat oor baie jare strek.

# *DIE AFFIES GROET... Mej Barbara Hönck*



**Mej Hönck verlaat die Afrikaanse Hoër Meisieskool nadat sy as oudleerling van AHMP hierheen teruggekeer het. 'n Mens kan jou byna nie (Affies) voorstel sonder haar liewe teenwoordigheid nie.**

Maar ons gun haar van harte dié groot onderskeiding wat haar te beurt geval het om as Taalversorger by die TOD Professionele Hulpdienste aangestel word.

Vir hierdie nuwe, ander pad en lewensfase wens ons, die Affies, haar sukses en sterkte toe. En natuurlik, geluk en LIEFDE, WANT:

Vir Barbara Hönck was die Afrikaanse Hoër Meisieskool méér as net 'n werkplek, méér as net 'n lewensruimte waar sy saam met ander gestreef het na die bereiding van 'n bepaalde doel: dit was vir baie jare haar groot, GROOT liefde wat sy stil en byna ongeadverteer met toenemende invloed gedoen het, dit was haar vreugde en haar troos.

Met onvermoeide ywer, met hart én siel, het sy haar vak, Engels, aangebied. Toekennings moes noodwendig volg, maar nooit het Barbara Hönck die balans in haar menswees verloor nie.

Die werk van haar hande, gló ons, is geseën, maar ons weet ook dat daar menige monument vir haar in die harte van kinders gebou is, want "daar is geen diens wat by liefdediens haal nie".

Daarvoor sê ons, in groot liefde, dankie.

# ONS GROET: Mev Marianne Louw



Stroom-op groet Mev Marianne Louw. Mev Louw verlaat die Afrikaanse Hoër Meisieskool aan die einde van 1986.

As 'n mens voorraadopname moet maak van Mev Louw, is die somtotaal nié gelyk aan die totaal van die onderdele nie. Mev Louw het meer gegee as wat die Stroom-op werklik kan weerspieël: ure se harde werk, bekommernis, deeglikheid, sorg en goeie trou. Mev Louw se menswees bepaal, dat sy nie afsydig teenoor enigiets wat aan haar opgedra is, kan staan nie. Sy het die skool se hoë waardes, ideale en standaarde altyd laat oorvloei in die Stroom-op, wat deur haar hande gegaan het.

Stroom-op Redaksie wens haar alle sukses toe op haar pad vorentoe.

# Affies groet hul sonskynmens...

## Mev. Rinette Bester



Menige jong Affie-hart
het vinniger geklop —
Tannie Fires kan tevrede voel:
"This proverb sure would stick!:
A thing of beauty is a joy forever!"
'n Suurdruif sou dalk wou opmerk:
"Beauty is but skin deep!"
In die onderhawige geval strek
dit tot in die hart!

En daardie hart is 'n goeie hart,
Vol deernis, liefde en gevoel,
Vriend'likheid gaan saam daarmee
En 'n diepe liefde vir haar kind.
Kinders kan sy goed hanteer,
'n Staatmaker net waar sy kan,
Gemaklik, goed en gaaf.

En nou is dit, tot siens —
Die Affies sal u mis —
Ons beste wens' gaan saam met u,
Mag dit u goed geluk!
Voorspoed vir die tyd wat kom,
Want kyk, die lewe roep,
'n Geleentheid is daar reeds wat klop,
'n Uitdaging wat wag.

# MET ROKKE EN TENTFLAPPE WAT SWAAI...

**Reeds vroeg in die jaar het die verskillende St 9-klasse met interessante en soms onuitvoerbare idees en geld in te samel, vorendag gekom. Sommige klasse — ons noem nie name nie, né 9A — het meer, groter en beter planne as almal gehad. Hoekom? Die klas wat die meeste geld kon insamel, sou die gaste op die grootaand bedien.**

Elke matriekmeisie het ure en ure bespiegel oor hoe haar rok gaan lyk, wat die kleur daarvan gaan wees en... wie haar metgesel vir die spogokkasie gaan wees.

Terwyl 'n mens aan elke Affie se figuur kon sien dat die verskeie "reuse-koekverkopings voor die venstertjie" 'n groot sukses was, het die kunsleerlinge begin om hulle krag tot die uiterste te beproef deur yslike beelde te bou, pilare te verf en batikontwerpe uit te stryk.

Die middag voor die groot aand het al die bediensters gesorg dat hulle pruike wel lyk soos pruike waarop 'n Egiptenaar trots kan wees — alhoewel hier en daar 'n tegniese foutjie ingesluip het.

Die eindresultaat was iets om te aanskou! Elke bediener was geklee in 'n slooprok wat versier is met 'n kraag wat sy self met haar eie inisiatief beplak, beverf en bekrap het. Om die hele uitrusting af te rond was daar 'n verskeidenheid van voetbedekkings: blou "Hang Ten's", "Boy Sandals", kaalvoete en tekkies.

Soos dit nou al vir tien jaar 'n gewoonte is by Affies, was dit weer eens ysig koud die aand. Dit was nie 'n ongewone gesig om die bediensters aan die pale van die tent te sien hang nie, maar hoe anders moes die tent op die grond gehou word?

Met die matrieks se aankoms was dit baie duidelik dat Affies weer oor die algemeen nie net die aantreklikste metgeselle gehad het nie, maar dat hulle smaak in kleredrag uit die boonste rakke was. Alle soorte materiale, patrone en bykomstighede is verteenwoordig: lang rokke, lae rûe, hoë halse, handskoentjies, hofskoene, leerskoene en haarstyle wat sommige mense se oë laat rek het en ander na hulle asems laat snak het.

Nadat elke meisie pronkerig met haarself en haar metgesel rondgesweef het, is almal na die tent waar hulle die skoonheid vandie Egiptiese bediensters kon bewonder. Die gaste het statig by hulle keurig gedekte tafels gaan sit, maar alle statigheid is vergeet toe hulle die spyskaart met die wonderlike geregte wat aangebied is, te siene gekry het.

Agter die skerms het alles nie altyd só vlot verloop nie. Die grootste probleem was dat jou vriendin met lang, blonde hare, kort, krullerige hare of rooi, woeste hare nêrens te vinde was nie. Dit is dus te verstane dat daar meer as een keer 'n kommunikasieprobleem was.

Verder het die bediensters agtergekom dat hulle uitrustings nie so warm was soos daar aanvanklik gedink is nie. maar 'n St 9 was nog altyd bekend vir haar bogemiddelde intelligensie wat eers begin afneem in matriek. Dus, 'n plan is bedink. Onder die rokke is enige iets van Pa-se-lang-pajamas tot 'n geleende sweetpak tot 'n stokoue denim aangetrek.

Terwyl die matriekdames die hoogste graad van vroulikheid en puik maniere gehandhaaf het, het die bedienstes soos besetenes buite rondgehardloop sodat elkeen van die genooide gaste gelukkig gehou kon word.

Aan die einde van die feesmaal het die gaste na die danssaal en koffiekroeg verhuis. Teen 'n vreeslike spoed is die tent onherkenbaar netjies opgeruim en kon die bediensters ook ietsie eet en drink! Elkeen het probeer om die maksimum teen die minimum tyd in te neem, omdat hulle niks wou misloop nie.

In die danssaal het die dames en here gewys, dat hulle ure van oefen-oefen-oefen nie verniet was nie. Op die vrolike musiek van die orkes is daar gewals, gesokkie en tot die "two-step" is aangedurf. Stadig maar seker het die paartjies verdwyn om die aand "rustig" by 'n vriendin se huis af te sluit.

Erens van nêrens af het 'n klompie jong manne van die seunskoshuis opgedaag om hulle St 9-sussies te help opruim. 'n Laaste dans is daarn aan die vrolike groep toegestaan en nadat daar fluks gehelp is om stoele van die tent af na die saal toe te dra, het almal vir oulaas in die koffiekroeg ontspan.

Die volgende oggend was dit duidelik dat sommige bediensters verslaap het en eers die volgende Sondag sou ontwaak. 'n Paar dapper meisies het egter wel opgedaag en het versierings — wat die vorige dag baie ligter was — met moeite en kreune kunsklas toe gedra.

# *SY'S 'N WENNER*

*Ilse de Kock in St 9, het vroeër vanjaar ingeskryf vir Sarie se ma-en-dogter-naaldwerkkompetisie. Inskrywings het van oor die hele land gekom. Die reëls het vereis dat elke deelnemster (ma, sowel as dogter) 'n kledingstuk moes maak. Ilse het besluit op hierdie treffende, helder uitrusting van 'n katoenmengsel.*

In Junie het Ilse en haar ma gehoor dat hulle een van tien finalis-pare was.

'n Paar weke later was die finale beoordeling en Ilse-hulle het sesde geëindig. Baie geluk! Affies se naam is weer eens hoog gehou. Stroom-op wens haar alle sukses met haar loopbaan toe (sy beoog om mode-ontwerpster te word) en hoop om nog meer van haar talente in die toekoms te hoor.



*The Std 6 Play Festival ended as a triumph.*



*Matriekafskeid, altyd 'n vrolike afskeid veral te oordeel na Jaco Ras se wye lag.*

**(Mnr C Vermeulen)**

# Matriekafskeid by Buiteklub 'n groot sukses

**Die Matriekafskeid wat hierdie jaar vir die eerste keer by die buiteklub gehou is, was 'n reuse sukses! Reeds vroeg in die jaar het die St 9-komitee begin geld insamel. Daar is drie sokkiejolle gehou wat omtrent R6000,00 ingebring het. Ook is daar vrugterolle verkoop en daar is vier en twintig uur lank tafeltennis, vlugbal en sokker gespeel. Net snaaks dat Jacqueline's die betrokke aande so besonder vol was.**

Uiteindelik het die groot aand aangebreek... Nadat almal baie hard gewerk het, om die saal te versier, het die Matrieks en hulle metgeselle begin opdaag. Dit lyk asof die klein BMW's en nuwe Mercedes'e beslis die aand voorkeur gekry het. Die kelners in hul tradisionele Egiptiese kostuums, het die gaste in die voorportaal ontvang en na hulle sitplekke begelei. Soos gewoonlik was Heppie laat, maar dit daar gelaat... Na die seremoniemeester almal verwelkom het, het die hoofseun en die hoof hulle toesprake gelewer (ongelukkig kon almal nie die toesprake hoor nie en was dit vir sommige 'n uiters "opwindende" tien minute).

Direk daarna is aan die kos weggeval. Die kospotte van Egipte het behoorlik oorgeloop en selfs nadat die kelners hulle kos gekry het, het daar oorgebly. Dit was ook nie lank nie of daar is gedans: Die Matrieks "los" in die middel en die onderwysers al "two steppende" om hulle! Gelukkig het die laser hulle vroegtydig skrikgemaak en stilgemaak met die gevolg dat hulle almal verskuif het!

Die afskeid was definitief 'n groot sukses en kommentaar soos "Dit was die beste in jare" en "Die lekkerste aand van my lewe" is dn ook gehoor! Die St 9-komitee, mev Lombaard en mnr Van Deventer verdien groot dank vir die puik aand wat hulle moontlik gemaak het. Dit was voorwaar die beste in jare...

# STROOM-OPBERIG — Die Kerkafsluiting

**Vrydag, 24 Oktober, was die Matrikulante van die Afrikaanse Hoër Seunskool se laaste amptelike skooldag. Dit was dan ook die dag waarop die kerkafsluiting plaasgevind het.**

**Vir elke Affie is die kerkafsluiting deel van Affies se tradisie.**



*Kerkafsluiting, die afskeid van kindwees in vaste vertroue dat Hy sal sorg...*

Die diens is gelei deur Ds Nick Ackermann, Neels en Kerneels se vader. Die Boodskap het uit Numerie 13 en 14 gekom. Die preek het gehandel oor die uitdagings van die lewe. Dit was 'n boodskap met baie betekenis wat nie net vir die matrikulante waardevol was nie, maar ook vir ieder een wat die diens bygewoon het.

Mev Rika Smith het die Boodskap dieper laat insink, en het pragtige liedere ter ere van God gesing. Jacques Swanepoel het in wisselsang met die koor, 'Gebed van 'n Matrikulant' gesing.

Dit was inderdaad 'n erediens 'n gepaste afsluiting vir 'n besondere Matriekgroep.

**Christoffel Bleeker**

# *Of Course Std Sixes Act Up!*

**It started as a challenge. it ended as a triumph.**

It was the annual Std 6 play festival, held for the first time in 1986. At first it was a challenge for all the Std sixes, later a joke, but in the end it was a wonderful experience.

Scripts were adapted from books, actors were chosen, programmes were made, costumes had to be bought, made or borrowed — at their own expense. It had to be an all in one class effort, and everything they wanted done, they had to do on their own. It took weeks, in some cases even months for the preparations to be completed. Finally the big evening arrived.

Butterflies sluttered in their stomachs, and excitement was to be read on every pupil's face. Each class thought its play was the best, but unfortunately there could only be one winner.

At last the moment arrived. The curtain fell for the last time, and the judges made their decisions. Miss van Wyk called the producers to the stage. Everybody clenched their fists. She gave some general advice on acting, and finally, after what felt like ages, she announced:

"Third, 6D with 'Winnie the Pooh'. Second, 6A with 'The Worst Witch' and..."

And the winners are: 6E with 'An Apology!'.

6E won a beautiful trophy, donated by Miss Barbara Hönck, which will surely serve as a wonderful inspiration for all the future Std Sixes to do their best.


Thanks very much to everybody who worked so hard and especially to Mrs van Straaten.


# Wat van 'n verlengde skooldag?

**In die onderwyskringe is daar op die oomblik 'n despuut aan die gang oor die verlenging van die normale skooldag al dan nie. Daar word ondersoek ingestel na die vraag of naskoolse bedrywighede nie gedurende skooltyd moet plaasvind en die skooldag sodoende met een of twee ure verleng moet word nie.**

Die meeste van julle se reaksie sal dalk dadelik wees, "Nee, vyf ure per dag op die skoolbanke is oorgenoeg!" Maar voordat julle oorhaastig raad, moet ons die saak eers bietjie dieper ondersoek.

Sal daar meer betrokkenheid wees as wat nou die geval is? Kom ons sê argumentshalwe dat daar soggens van agt tot tien aan sport en kultuur aandag gegee word. Al die verskillende klubs kan dan bymekaar kom, sowel as alle kultuurgroepe en sportspanne. Elke leerling sal by ten minste een aktiwiteit betrokke wees. Dit bied veral 'n gulde geleentheid aan leerlinge wat ver van die skool af woon en selde hul kant kan bring as buitemuurse aktiwiteite ter sprake is. Sal 'n verlengde skooldag nie die antwoord wees op ons stryd teen 'onbetrokke Affies' nie?



*Mmm... wag tot julle in matriek kom.*

Die vraag sal nou seker ontstaan oor wanneer die leerlinge dan tyd kry vir huiswerk. As daar tot vieruur smiddae skoolgegaan word, sal 'n mens se program tuis vanselfsprekend ingekort word. Maar dan moet daar onthou word dat die meeste kinders eers drie-uur tuiskom. Dan word daar aan alles behalwe huiswerk gedink. Eers saans word tyd daarvoor ingeruim — partykeer ook sommer so tussen die TV-programme deur. Sal dit dan nie meer produktief wees om tot vieruur by die skool te bly nie?

'n Ander probleem wat mag opduik is dat die gesinslewe 'n knou kan kry. So 'n lang skooldag sal baie veeleisend vir die leerlinge wees en daar sal maar min tyd wees vir kuier saans. Aan die ander kant moet ons onthou dat baie ouers saans tot vyfuur of sesuur werk. Dit sal aan hulle nie 'n groot verskil maak of die leerlinge twee ure later as gewoonlik tuiskom nie!

In talle oorsese lande gaan die kinders tot laatmiddag skool. Dit is hierdie selfde lande wat vooruitgang en hoër produktiwiteit toon. Sal ons nie maar ons eie belange so 'bietjie nie maar ons eie belange so 'n bietjie opsyskuif en sodoende baie vir ons land — en ons skool — beteken nie?

# AKTUALITEITSKOMITEE WORD GESTIG

**Die idee om die Aktualiteitskomitee te stig het gekom van 'n groep ouers en Mev Diedericks. Albei het gevoel dat dit nodig was om leerlinge voor te berei vir die lewe na skool. Die byeenkomste van dié vereniging, wat die vorm van 'n debat sal aanneem, sal veral handel oor allerlei aktuele sake van belang. Die doelstellings van die aktualiteitskomitee is om aan die volwassenes 'n indruk te gee oor dit wat die leerlinge van aktuele sake dink.**

Die komitee het op 'n hoë noot afgespring deur 'n stadsraadvergadering by te woon. Hiermee is gepoog om aan die leerlinge 'n indruk te gee van die vergaderingprosedure.

Die hoop word uitgespreek dat hierdie vereniging vir almal 'n aanwins sal wees. Mev Diedericks en die betrokkenes verdien groot dank vir hul moeite in hierdie verband.

**W van Staden**



*Drink, Gertjie, drink!*
*Meyer en Bennie kan hul met reg verlustig in Gert se lyding.*
**(G. Nothnagel)**

# PREFEKTE INLYWING

**Met groot blydskap is die prefekte die Vrydagoggend afgekondig. Min wetende dat die blydskap later in klaagliedere sou ontaard. Reeds in registerperiode het die nuwe prefekte 'n voorsmakie gekry van wat op hulle wag toe hulle beveel is om stroop, politoer en twee haarknippies in die hande te kry. Net na kortpouse het drie uur van "hel" begin. Heel eerste van alles het die hare gewaai. Elkeen wou 'n beurt gehad het om sy frustrasies op 'n nuwe prefek se kop uit te haal.**

**Toe is almal in die swembad ingejaag (die yslaag moes natuurlik eers gebreek word) waar twintig minute van heerlike watertrap voorgelê het. Almal het gedink: "Ag is dit al", maar toe kom die ergste. Elkeen moes twee liter water afsluk en direk daarna hardloop. Dit het almal siek gemaak en het groot vermaak aan die ou prefekte verskaf.**

**Na 'n modderbad, politoer, trappies klim (plus-minus 1000), stroop en so 'n paar honderd handjies het die "inswering" selfs vir die ou prefekte vervelig begin raak en is dit afgesluit deur elke prefek so 'n paar houtjies te slaan.**

**Toe die inlywing verby was, was die ou prefekte ewe skielik weer vriendelik, want sien die nuwes moes toe vir hulle ete betaal. Alhoewel die ontgroening tydens die drie uur nie so lekker was nie, het almal aan die einde tog besluit dit sal nie dieselfde daarsonder wees nie: Volgende jaar se nuwe prefekte sal maar moet opas want deur die jaar deur kan prefekinlywing net van krag tot krag gaan.**

**Redakteur**

## PREFEKTE 1987

**Hoofseun**
Cobus Spaarwater

**O/Hoofseuns**
Heinz Pflugler
Gert Pretorius

**Prefekte**
Jacques Adelaar
Casper Badenhorst
Albe Bekker
Johan Beukes
Christoffel Bleeker
Stefan Cornelius
Rudolph de Jager
Michael de Jongh
Theodore de Klerk
Wildu du Plessis
Albert Myburgh
Emile Lamprechts
Alwyn Kaltwasser
Tielman Roos
Rouan Shakia
Ettienne Strydom
Rudi Stumpf
Nico Thuynsma
L C van der Merwe
André Venter
Hennie Visagie
Pieter Wolmarans



# *KADETBIVAK*

Op Vrydagmiddag, 17 Oktober word 150 St 9-seuns voor die ingang van die Elandspoort-spysenierskool afgelaai. Elk toegerus met 'n "overall", gordel, waterbottel, grondseil, slaapsak en boshoed, sit hulle af na die basiskamp.

Elke peloton neem 'n tydelike basis (TB) in en tree aan vir L O. Hierna ontvang elke peloton rantsoene wat in die seksies verdeel word. Dié aand is daar om die beurt wag gestaan.

Saterdagoggend vyfuur is daar kampinspeksie gehou. Deur die dag hoor ons lesings aan en doen praktiese werk in kamoeflering, patrollieloop, handseine en gevegsprosedure. Na die lanternbekruip dié aand, breek die hoogtepunt van die bivak aan, die vleisbraai! Die offisiere verdien 'n ekstra woord van dank daarvoor.

Almal het baie kenis opgedoen en, soos daar die Maandag in die saal gesê is, party van ons het dit selfs geniet!

**Willem van Staden**

# PREFEKTEKAMP

Die prefektekamp te Sommerreg veldskool wat die naweek van 20 September gehou is, het vir baie opwinding en kennis gesorg. Nadat almal veilig daar aangekom het, was die "bungalo-stormloop". Gelukkig het almal darem 'n ou plekkie en 'n matrassie gekry en daarna was almal weer gelukkig. Daardie aand is verskeie lesings oor leierskap aangehoor en eers laat in die bed gekom. Dit was nog nie mooi half-ses die volgende oggend nie, of meneer Edwards het almal klaar wakker gehad vir Bybelstudie in die veld. Daarna is daar tot so 'n rustige draffie van 10 km oorgegaan. Daardie oggend het die prefekte die eerste opdrag gekry: 'n oriënteringsprogram vir 1987 se standerd sesse. Daar is besluit dat 'n outokratiese bestuur net dalk mag werk en dat vernedering net die regte ding sal wees. Nog lesings het gevolg.


Die middag was seker die aangenaamste van die hele kamp. "Volleybal!" Onderwysers is mos eerlike mense, maar nie altyd nie... Onder leiding van die eerlike, regverdige hoof, het die eerlike, regverdige en glad nie oneerlike onderwysers die seuns op een of ander manier met een of ander veranderbare ruilstelsel en een of ander self verskuifbare puntestelsel gewen. Die swem en roei was ook lekker. Die water bietjie koud en die veldskoolbootjies lief vir die bodem, maar nogtans het ons lekker "sports" gehad. Die ete was nou nie so vroeg nie, want tussen 6 onderwysers en 25 prefekte is daar baie nukke, grille en planne.

Die arme prefekte móés al die onderwysers se ou "hits" uit 'n boekie sing, maar die seuns het gou agtergekom dat 'n "juke box" baie beter "vibes" lewer.


Die Sondagoggend kon ons gelukkig laat slaap. Na die hoofseuns gekies en ontgroen is, was almal moeg en is gou opgepak. Met die aankoms by die skool het die prefekte as 'n moeë maar hegte groep, vertrek.



*Prefekte... op die plek rus!!*


I hate
histiry



























# Duitse klub word 'n werklikheid



*Mej E Botha verwelkom die gaste tydens die Duitse aand.*
**(H. Rooseboom)**


Die Duitse Klub is 'n vereniging wat sy ontstaan aan hierdie derde termyn te danke het deur middel van die bekwame leiding wat deur die onderwysers van Affies, Meisies Hoër, Girls en Boys High gegee is. Tans word die ledetal by Seuns Hoër op 8 geraam wat hoofsaaklik standerd neges is. Mej Botha sien toe dat die seuns hul by die Duitse kultuur betrek om meer van hierdie taal te wete te kom. Die gesamentlike ledetal van die vier skole kom op tussen 40 en 50 te staan.


Volgende jaar sal gepoog word om nuwe lede te werf deurdat praatjies gehou sal word. Daar is 'n Duitse kultuuraand gehou wat deur Mej Botha georganiseer is. Meneer Krüger van die ambassade het lig gewerp op verhoudinge tussen Duitse en Afrikaanse kinders. Dieselfde aand is daar ook heerlike versnapperings geniet wat deur bekwame vrouehande gebak is. Groot dank aan Mej Botha wat dit moontlik gemaak het. Die klub poog om in die toekoms veral betrekkinge tussen skole te verbeter.


**Fanie Herman**












# Soek 'n hart




*Die voëls vlnr (vasgevang in hul eie wêreld): Sonja de la Rey, Ansie van Rensburg, Landie Pieters.*



# *Landsdiens baie besig*

**Nog 'n suksesvolle landsdienstermyn agter die rug. 'n Termyn waar die klub hom met lus beywer het om die pragtige natuur van ons land te bewaar. Op die oomblik bestaan die klub wél net uit die bestuur plus een of twee ondersteuners, maar daar word gepoog om volgende jaar met entoesiasme weer lewe in die klub te blaas.**

Hierdie termyn is opnuut geskiedenis gemaak deurdat 'n projek geloods is wat slegs met wilskrag gedoen moes word. Een Donderdagmiddag het die bestuur met die hoof se bereidwilligheid 'n amptelike boomplantdag gehou en verstommend vir die klein groepie hul goed van hul taak gekwyt.

Later die termyn is daar een Sondagmiddag deurgery Silkaatsnek toe om gesellig rondom 'n vleisbraaivuur te verkeer en die liefde vir ons bodem te waardeer. Dit was wel 'n uitgemaakte saak dat die hoofrede slegs 'n wegkomkansie van die huis en die stadslewe was. Daar is met groot sorg toegekyk dat ons wel iets van die natuur raaksien deurdag die 'langpad' deur die reservaat geneem is. party is die skrik op die lyf gejaag deur 'n vlakvarkfamilie wat blindelings uit 'n bos gespring het en in die pad afgetrippel het. Ook die onderskeiding tussen 'n waterbok en 'n blesbok het almal laat wonder. Die rit in die kabelkar was ook heel prettig namate dit hoër gestyg het. Net jammer van die skoolbussie wat homself verskuif het terwyl mnr Van As nog bo-op die berg was. Hy moes seker nooit die sleutels in die onbekwame hande gelaat het nie.

Aan die huidige lede kom groot dank toe vir wat hulle hierdie termyn beteken het. Volgende jaar word weer so gemaak.

Facta Non Verba Dade en nie woorde nie.

# Kultuuraand is Plesieraand

*Op 20 en 21 Augustus was daar groot makietie in AHM se skoolsaal. Dit was ons jaarlikse kultuuraand.*

Woensdagaand was daar drie toneelstukke op die program: AHM se 'Voëlhok', AHS se 'O, uur van glorie' en twee toneelstukke van die Wilgers Hërskool. Die beoordeling van die ATKV-toneelstukke het ook op hierdie aand plaasgevind.

Die enigste speler wat 'n goue medalje vir sy spel gekry het, is Johan Preller van AHS wat die rol van Santos vertolk het. 'O, uur van glorie' het onder leiding van mnr Taljard en mev Fullard gestaan. Daar was oomblikke van tere liefde (of hoe Liesel?), hartseer en spanning. Maar dit was die laaste skoot — letterlik en figuurlik — wat almal regop in hulle stoele laat sit het van skone skrik.

'Voëlhok', wat o l v mevv Marianne Louw gestaan het, was werklik 'n puik toneelstuk. mev Louw het 'n silwer medalje vir regie gekry. Die volgende 'aktrises' het ook silwer medaljes vir hul puik spel gekry: Ané Jacobs, Petro-Nelizé Trichardt, Sonja de la Rey, Sally Myburgh, Ansu an Rensburg en Landi Pieters. Sonja het klaarblyklik lekker (met permissie gesê) 'gevreet' en ons het verneem dat Sally se skete iets van die verlede is.

Op Donderdagaand 21 Augustus het die twee toneelgroepe van Affies, die seuns se blaasorkes sowel as die kore van die skole opgetree. Oom Kallie het almal baie 'wjelkom' geheet en niemand kon anders as om baie welkom te voel nie. Die kooroptredes was weer eens puik en dit was 'n groot jammerte toe AHS se program verkort moes word.

Die kultuurtradisie is iets wat in Affies gehandhaaf moet word, omdat dit van ons almal ryker mense maak en ons geestelik voed.


*Jan-Albert van der Berg: vertolkend van sy rol.* **(B du Toit)**

# Thank you, Boys High

**Wat 'n ervaring! Daar staan ons toe voor honderde nuuskierige, wildvreemde omstandighede... Dit was immers die heel eerste optrede by Boys High. Vir die meeste van ons was dit die eerste maal wat ons hulle saal betree, en dit was beslis vir elke koorlid die heel eerste keer wat 'n hele saal vol mans opstaan as jý opstap na die verhoog.**

Van die begin af, was die hele geleentheid besonders. Boys High laat weet dat hulle ons met 'n bus kom haal; hulle laat nie toe dat meisies in motreën stap nie. Daar aangekom, word ons hartlik verwelkom deur Mnre Potgieter en Sanders. Hulle deel vir ons kosbare "hymnbooks for Assembly" uit. Terwyl ons opwarmingslokaal toe stap, loer almal uit klaskamervensters (en ons loer lekker terug).

Mnr Armstrong verwelkom ons formeel dog hartlik. Gedurende hul "Assembly" moet ons op die verhoog sit en geniet dié nuwe ondervinding terdeë. Wanneer hulle hul gesang sing, kan ons teen die derde vers so op 'n manier inval en tussendeur die luister en kyk, probeer saamsing. Nog nooit het ons 'n groep seuns só mooi hoor sing nie. Toe is dit ons beurt om húlle te verras: aan die einde van hul gewyde deel van die saal-periode, sing hulle 'n tradisionele 'Amen'. Ons val weg met 'n deskant, wat sommiges oopmond na ons laat staar.

Gedurende ons hele programmetjie het hulle almal aandagtig geluister en ons entoesiasties toegejuig. Veral die vinniger, ligter goed het groot byval geniet as 'n mens kan oordeel aan hul gesigte. Die seuns se reaksie was soms oorweldigend — met die Danslied het 'n geruis deur die saal gegaan. (Later moes ons uitvind dat hulle gedink het dat seunsstemme die eerste note sing!)

Na die tyd is ons onthaal; vergesel van talle entoesiastiese seuns het ons heerlik gesmul en losgetrek met ons ander koorliedere.

Vertrektyd moes ons behoorlik sukkel om in die bus te kom. Die algemene gevoel was dat hierdie geleentheid beslis 'n tradisie móét word.

Mev Krüger en die koor wil vir Mnr Armstrong, die personeel en leerlinge van PBHS opreg bedank. Ons is hoogs beïndruk en het die uitstappie werklik geniet.

# Skaakklub word groter

**By Affies is die Skaakklub geen onbekende nie. Telkens hoor ons hoe die Affies, wat op Maandae in mev Saayman se klas vergader, presteer. Die leier van die skaakklub, Johan Ribbens, en De Kock het hierdie jaar die eerste plek op die Affie-kampioenskap gedeel.**

Behalwe vir hierdie kompetisie, is daar ook die Interhuis skaakkampioenskap. Hier kry die spanne vandie verskillende huise kans om hul slag te wys in hierdie eeu-oue spel.

Vanjaar het die Affies dit reggekry om die B-liga in te palm. Indien jy sou belangstel om by die Klub aan te sluit, of om in te skryf vir 'n kompetisie sal dit hoog op prys gestel word. Die skaakklub sou graag hulle getalle wil aansterk. Mev Saayman verdien die hoogste lof en dank vir haar moeite.

**W van Staden**

# NOODHULP '86

**'n Volk se gesondheid hang ten nouste saam met hóé die burgers self daarvoor sorg deur behoorlik ingelig te wees en deur selfversorgend en selfonderhoudend op te tree.**

So is Affies ook in die bevoorregte posisie om 'n aktiewe span noodhelpers te hê. Dié klub het met 'n skrale ledetal van vyf gedurende 1985 na vyftien lede in 1986 uitgebrei. Ons is ook trots daarop dat *al* die lede, kursusse aangebied deur die Noodhulpliga, getrou bygewoon het, en die eksamens met welslae afgelê het.

Nie net is daar getrou diens gedoen by alle sportbyeenkomste nie, maar het ons ook deelgeneem aan Burgerlike Beskerming se Skole Noodhulpkompetisie. Ten spyte van ons betreklike jong lede het ons twee spanne onderskeidelik tweede en derde in Noord-Transvaal geëindig.

Opregte dank aan mev Van der Merwe en mnr Dreyer vir reëlings in verband met die kompetisie.

**Luan Kloppers**



*Die ACSV-kampgangers esig om hul gees te verryk.*

# ACSV

**J A v d Berg**

**"...Ek weet verseker dat Jesus leef..." Met hierdie woorde van die Jeugsangbundel het elke lid van die ACSV hierdie termyn en jaar vertroud geraak.**

Onder bekwame leiding van mnr Vermeulen en die inspirerende komitee het die ACSV van krag tot krag gegaan.

'n Verskeidenheid programme is aangebied: daar was, Bybelstudie, saamsing en sommer net 'lekker gesels'.

Die getalle leerlinge wat die byeenkomste bygewoon het, het gewissel an om en by 50-100 per byeenkoms.

Mevv Botha en Diedericks het ook gereeld die byeenkomste bygewooon en opgetree in adviserende hoedanighede.

Met die ter perse gaan sou die ACSV ook nog gaan kamp, wat beloof het om 'n wonderlike ervaring te wees.

1986 — 'n mooi jaar vir die ACSV. Alle dank aan ons Hemelse Vader!

## Veldskool Martha Glatthaar — 'n Ervaring soos min!

**38 Opgewonde Affies, 5 onderwysers van Affies, 4 kwaai ooms van 'n veldskool en 3 vriendelike tannies in die kombuis... — dalk 'n formule vir 'n menslike atoom-ontploffing? Nee, beslis nie, dit het Affies in 1986 bewys!**

Op Maandag 27 Oktober vertrek 138 Affies plus mnre. Kruger, Taljard, Gordon, Deysel en Van Deventer van Redelinghuyspoort na Veldskool Martha Glatthaar!

Op Dinsdag, 4 November, 140 Affies en 5 moeë menere terug van veldskool Martha Glatthaar. 'n Week het verby gesnel.

'n Week waarin Affies lesings moes aanhoor oor die beminde Marico, avontuurbane bemeester het, in ademsgewaad gegly het op 'n lekker glyklip, geëet het (aan lekker boerekos) en natuurlike geslaap het (soos dit tienerseuns betaam!) het soos lig verbygesnel.

Ja, dit was lekker, maar tog nie altyd maanskyn en rose nie. Die Affies was in hewige konfrontasies met die "veldskool-ooms" betrokke o.a. watter distrik, nl. Pretoria (anderkant die plein) af die Groot-Marico die beste was — natuurlik was daar nie 'n uitslag nie!

In die week het baie nader aan God gekom, nader aan onderwysers en aan mekaar.

Somtyds het almal sag op 'n matras geslaap, ander kere hard op moederaarde, somtyds is daar ontspan, ander kere gestap, laat die sweet tap, somtyds is lekker geslaap ander kere tot laat lanternbekruip en vaandelgejag.

Tog was almal bly om terug te keer huis toe en waarlik die busse se wiele het gesing: "We are marching to Pretoria."

# Fotografie

**Die Affies se Fotografieklub doen baie in die skool. Eerstens ten opsigte van die Jaarblad en Stroom-op en tweedens die pryse wat hulle vir die skool tydens kompetisies verower.**

Affies het hierdie jaar dan ook groot fotograwe opgelewer. Fritz Thuynsma en Bennie du Toit het in die Teletienkompetisie pryse gewen. Ook op Affies se eie Fotografiekompetisie was daar baie goeie noemenswaardige fotografie te sien. Die wenner was Corné Gerber met sy uitstekende wildtuinfoto's. Bennie du Toit het die wit-en-swartafdeling gewen, Theodore de Clerk die skyfieafdeling en Fritz Thuynsma die vierde afdeling, met sy Teletieninskrywings.

Die Fotografieklub word egter gruwelik misbruik. Toe daar Skou toe gegaan is, is daar skielik 30 lede, maar wanneer foto's geneem word en ontwikkel moet word, bestaan die klub uit 5 lede. As elke lid sy deel doen, het almal meer tyd om foto's te neem.

Daar is die behoefte dat die Affies weer moet probeer om die res van die jaar goeie foto's te neem, meer fotouitstappies te reël en soos in die verlede die skolefotokompetisie te wen.

Fotografie is 'n duur stokperdjie maar as jy foto's by die skool kan ontwikkel en goeie tweedehandse fotografie apparaat koop, is jy reg om wenfoto's te neem.

**B du Toit**

# JUNIOR STADSRAAD

Die Junior Stadsraad van Pretoria is 'n Raad wat saamgestel word deur leerlinge uit al die Hoërskole in Pretoria.

Die groot doel van die Junior Stadsraad is om die behoefte van die skoolgaande jeug te identifiseer en om hulp te verleen deur middel van diens.

Die Junior Stadsraad stel hom ten doel om 'n finansiële bydrae te lewer aan instansies soos hospitale, ouetehuise, kinderhuise en ander. Die Raad verkry fondse deur middel van borge wat deur die Raadslede self gevind word, asook georganiseerde kompetisies wat deur sub-komitees gereël word.

Maandeliks, tydens die Raadvergadering, word daar deur al die staande komitees verslag gedoen met betrekking tot die vordering van elke komitee se werksopdragte. Tydens genoemde vergadering, word nuwe voorstelle oorweeg en geïmplementeer om sodoende die werksomstandighede van die raad doeltreffend en geloofwaardig te laat geskied.

**A Kaltwasser**

# AFFIES-KOOR

Ons kan hierdie jaar werklik spog met 'n ware Affies-koor. Die koor het onder leiding van Mev Smith gestaan en het hierdie jaar baie hard geoefen. In die eerste termyn het die koor aan die streeksfees by Meisies Hoër deelgeneem. In die tweede termyn het hulle in die Aula aan die Applous-kompetisie deelgeneem. Hulle het ook in die Musaion aan die Admin-Wedstryd deelgeneem. By die kunsfees het die koor 'n welverdiende A-simbool behaal. Die laaste termyn het die koor 'n A+ in die Pretoriase kunswedstryd losgesing.

Uit die koor het 'n paar kinders die eer te beurt geval om die Noord-Transvaalse Jeugkoor oudisies te slaag. Dit is Hendrik Viljoen, Willem Smith en Jacques Swanepoel, dan ook Thomas Marincoqitz, Charl du Toit en Custas Praebelt. Ons sê hartlik geluk aan hierdie kinders.

**Hendrik Viljoen**

# KUNSKLUB

*Die Kunsklub was hierdie termyn baie bedrywig. Hulle hoofprojek was "silkscreen" oftewel syskermdruk. Die tema waaronder die projekte aangepak is, was 'Hoe om Suid-Afrika 'n beter plek te maak'. Die doel van die plakkate was om Suid-Afrika te bevorder by die Amerikaanse Universiteite deur die plakkate wat landwyd gemaak word op die kampusse te vertoon.* Tien leerlinge het deelgeneem aan hierdie opdrag. Verder het die klub onder leiding van mev Lombaard en mnr Dreyer die drukkery, Minute Print, besoek. Hulle is daar gewys hoe 'n prent wat van 'n kunstenaar ontvang word in 'n plakkaat omskep word.

Die klub bestaan op die oomblik uit 12 lede. In die komende maand beplan hulle om 'n ledegeld van R2,50 te vra en dit in te span vir projekte. Hulle beplan ook om vir die klub sy eie 'airbrush' aan te skaf. Projekte wat hulle beplan, is om 'n opdrag van beeldhouwerk, drukkery en 'airbrush' te doen. Hierdie Klub is verseker besig om in 'n 'elite' klub te ontwikkel.

**Albert Pretorius**

## Matrieks hou partytjie



# NUWE TRADISIE?

**'n Besoek deur 'n groep leerlinge van die Hoër Meisieskool Oranje is op Saterdag, 9 Augustus aan die Affies gesing. Hulle hoof, mej Pellissier, het dié uitstappie gereël en ook meegemaak.**

Vroeg Saterdagoggend het 'n klompie Affies Pretoria se stasie binnegegaan om die gaste daar te ontmoet. En het hulle toe nie uitgepeul nie! Deur die slaap, baie opgewonde en met slaapsakke en ander bagasie. Hulle is toe met 'n bus na Affies se terrein geneem waar hulle tot na middagete gebly het.

Die doel van die hele besoek was om 'n bietjie mee te ding op die netbal- en tennisbaan en die hokkieveld. Hulle was skitterend. Na 'n voortreflike middagete is hulle na Hoërskool Menlopark vir nog kompetisie.

Die hele uitstappie was Mej Pellissier se idee. Sy is 'n voormalige onderwyseres van Affies wat toe hoof in die OVS geword het. Beide sy eie Affies se hoof, Mej Venter, het dit baie duidelik gestel dat hulle vasbeslote is om hierdie 'n nuwe tradisie tussen die skole te maak. Volgende jaar gaan die Affies dus OVS toe om daar amok te maak. 'n Skitterende tradisie meen die redaksie!

# "CLICHES", SÊGOED VAN ONDERWYSERS

**Mnr van Deventer**
Dit gaan nag word... X-persone...
Fisies adamant... Inherent vrot...
Chaos... Lang trane... Muur van geweld...

**Meyer Nell**
Ja, jy met die das!
Ja, jy wat vir my kyk!
Ja, jy wat wegkyk!
Nee, die ou langs jou!

**Mnr Shephard**
Stap uit!
Nuwe seun
Bloedjies



Mnr. P. Theron

**Mnr T Kruger**
Koning rugby
Rugby is nie 'n sitkamerspel nie
Akademie kom eerste

**Mev Le Roux**
Poppies. Jou rotter!

**Mnr Gordon**
Volgende keer kry jy twie...
As ek die fluitjie blaas, maak julle keel skoon op die gras

**Mnr Nel**
You're so rude
Why do you always...
I haven't got a Porsche

**Mnr Theron**
Ag, verskoon tog kollegas...
Kom asseblief na navrae!

**Mnr Swanepoel**
Gesensor

**Mnr Edwards**
Ou grote
Dom voorspelers


**Baksteen**
Gouws!! Moenie vir my stories vertel nie.

**Mnr van Rooyen**
Die hare
Die afgewerkte broeke

**Strybry**
Hin

# Die Sesse bestaan eintlik nie

**Iemand moet tog op hulle telraam gaan kyk of daar ooit 'n 6 tussen 5 en 7 is. Wat dit ook al mag wees, St 6'se is 'n verskynsel wat nie regtig bestaan nie. Die St 6'se vermoed hulls is iets tussen 'n bobbejaan en 'n gorilla. Vanweë hulle lae intelligensie en twyfelagtige herkoms word hulle nie toegelaat om aan enige aktiwiteit deel te neem waar hulle die skool in die skande kan steek nie. ENIGIETS wat as 'belangrik' of 'kultureel' beskou word, word as bo hul vuurmaakplek beskou. St 6'se word gevolglik van toneelopvoerings, musiekuitvoerings en kerkafsluitings weggehou. Al voorreg wat hulle geniet is pouse. Die vraag is net: Verdien hulle dit?**



*"Dit het harde werk gekos om te kom waar ons gekom het. Ons is Affies, ons is anders..."*

# Slimstreke!

Op Woensdag, 28 September, het ses Affies (Mari van Wyk, Nicolette Boegman, Sonja Kruyshaar, Susan Ribbens, Joansie van Vuuren en Thea van der Merwe) aan die finaal van die Shell Mini-Wiskunde-Olimpiade deelgeneem.

Reeds om halfeen is hulle uit die klaskamers verskoon en saam met Mej Meyer is die slagveld (RAU) genader (Dit was die slim deel!).


Daar aangekom is elke moontlike ding gedoen wat dalk intelligent sou voorkom. Met die ontvangs van die vraestelle, verdwyn byna alle selfvertroue en voel almal net een woord: DOM.

"Bepaal die waarde van x as 2-y=z".

Uiteindelik is daar darem 'n paar antwoorde uitgewerk (Dit was die streke).

Die uitslae was nie te sleg nie.

Baie geluk aan King Dawid School, School, St. John's College en Glen High wat onderskeidelik die St 6-, 7- en 8-afdeling gewen het. Wees egter gewaarsku — volgende jaar sien Affies haar wen (selfs in Wiskunde).




*..."hier kom ek nou by die goeie deel"...*

# Kom fliek saam...

1. **Top Gun — Mnr van Deventer**
2. **A fine mess — Mnr van Huyssteen**
3. **Running Scared — Mnr Vermeulen**
4. **Short Circuit — Mev Strybry**
5. **About last night — Mnr Dreyer**
6. **Raw deal — Mnr Keyter**
7. **Skollie (Vyfster) — Mnr van Rooyen**
8. **Lords of discipline — mnr Swanepoel**
9. **Weird Science — Mev A Smit**
10. **Wildcats — Spike**

# TOP 10

**Paranoia — Mnr Nel**
**Spirit in the Sky — Mnr Vermeulen**
**Danger Zone — Mnr Swanepoel**
**Tobacco Road — Mnr van Staden**
**I Engineer — Mnr Sheppard**
**Missionary Man — mnr C Krüger**
**Pappa don't preach — Mnr Dreyer**
**Dancing on the ceiling — Mnr Keyter**
**Sanbonani — Mnr Deysel**



# Afskeidsboodskap van die 1986 redaksie

**Nou ja, drie jaar van diens op die Stroom-opredaksie is verby! En 'n mens moet erken dat die beeld vandie redaksie wat 'n mens gehad het in St 8, toe ons aangesluit het, heelwat anders was as die perspektief wat 'n mens nóú verkry het.**

Toe het 'n mens beelde van interessante navorsing, ure voor die tikmasjien en voorbladberigte gehad. Helaas, die werklikheid was: harde werk, werk en nogmaals werk! Maar nou dat 'n mens terugkyk, kan ek, en as my kolleges definitief sê dat dié harde werklikheid veel soeter was as die wildste fantasieë wat 'n mens kan optower!

Dis met nostalgie en 'n tikkie hartseer dat ons sê: Totsiens en voorspoed! Aan julle wat agterbly, gebuik die geleentheid wat aan julle gebied is en bring julle kant — julle sál dit geniet!

**Danie Brand**

**LAG SAAM**

**Wat is die nuutste "Scottish invention"**
'n "Kick-start" vir 'n rolstoel.
**Wat is die nuutste "Irish invention"?**
Uitskopstoel vir 'n helikopter
**Hoekom roem al die "Porras" hulle kinders Manuel"?**
Hulle kan nie Automatic spel nie

# MUSIEKOORD BY BOYS HIGH

**L van Vuuren**

Op 29 Oktober het 'n groep Affies na Boys High gegaan vir 'n musiekaand. Skoliere an beide skole het items van hoogstaande gehalte gelewer. Die uitvoering is in die musieksaal van Boys High gehou en te danke aan die puik organisasie van Mnr Potgieter en Mev Krüger het die verrigtinge vlot verloop.

Die aand het egter nie net musiek behels nie. Daar was ook 'n ete en oor die smaaklike borde kos is baie nuwe vriende gemaak. Die Affies wil Boys High bedank vir hulle gasvryheid en wil net die hoop uitspreek dat daar in die toekoms nog sulke geleenthede sal wees.

# Magnoliadal-uitstappie

Kragtens tradisie wat eie aan Affies is, word die jaarlikse Magnoliadaluitstappie met groot sorg uitgevoer, omrede dit 'n geleentheid is wat ten volle samewerking van die seuns verg. Reeds die Vrydag, gedurende langpouse, is dié opstand beplan wat sou lei tot die totale ondermyning van die leiers se gesag.

Te danke aan die belanrike wedstryd tussen Affies en die Hoogte wat die Saterdag beslis sou word, kon die seuns werklik 'n sterk gees onder hulle bespeur. Met groot selfvertroue is daar afgesit na Magnolia waar die ruskansie net 'n lafenis was.

Jammer dat dit versteur moes word met die opdaag van die prefekte wat almal toe na die strafsone gelei het. Twee welverdiende houe van die mansonderwysers het die seuns net stemmiger laat verkeer. Mnr Kruger se aankondiging dat almal eenuur mag loop, het die pyn verlig, en almal is met afwagting huis toe om te wag vir die bloedvergieting... die Saterdag op Loftus.

**Fanie Herman**

# KOSHUISBRAKKE WORD DAMES

*'n Kleiner — maar net so 'n suksesvolle — AFSKEID is gehou op Saterdag 20 September.*

Na weke (of was dit minder?) se voorbereiding sou 16 St 9's en 'n hele groep St 8's afskeid neem van die KOSHUIS-matrieks van 1986.

Almal was hierdie keer saam op 'n EILAND. Die St 8's met hulle vrolike voorskote het die allerheerlikste disse in die eetsaal rondgedra: van Honolulu Pynappel regdeur tot by (verskietende! né, Leonie) Maui Roompoeding en moenie die verversings in die koffiekroeg vergeet nie.

Met die St 9's en 10's — in uitrustings wat nie sommer na 'n Donderdagaand-se-ete-by-die-Koshuis gedra word nie — én hulle metgeselle (almal het gelukkig opgedaag) kan daar nog lank gespog word.

Die genotvolle aand is afgesluit met 'n wals of twee in die sterligbalsaal, wat ek seker is nie enige St 6 sou herken het as die studiesaal nie!

Baie dankie vir almal wat van dié aand so 'n groot SUKSES gemaak het.

**St 9Koshuisaffie**

# PREFEKTEKAMP

**Vrydagmiddag, 24 Oktober, na die kerkafsluiting het die Prefekte van '87 geesdriftig van Bondstraat af vertrek. Op die bus is daar gesing, geskree en gelag. Dit het bietjie langer geneem om by die kamp aan te kom, aangesien die bus so effens verdwaal het en eers so 'n paar draaie moes ry.**

Op die kamp is daar vyf baie leersame en interessante lesings aan gebied, wat verskeie aspekte van leierskap behandel het. Dan was daar natuurlik ook sport en "sports". Die kos was baie smaaklik — veral die snoepie s'n. Saterdagaand is daar konsert gehou: van Liewe Heksie tot A G Visser is opgevoer.

Sondagmiddag ongeveer half drie, het die bus weer in Bondstraat gestop. Uitgeput, warm en hees gesing, maar vol kennis het die Affies uit die bus geklim.

Hierdie is nog 'n "eerste" vir die Afrikaanse Hoër Meisieskool wat 'n sinvolle tradisie kan word.

**Danelle van As**



*"Suntanning" in "Palm beach".*



*"Time out" — Geskiedenisklas.*

# Lucie vertel oor Interlochen

**Stroom-op het vanjaar reeds berig oor Lucie van der Bergh se komende Interlochen musiekkamp in Michigan. Met haar terugkeer het Lucie die volgende te sê gehad:**

**"Ek het vanjaar vanaf Julie tot Augustus aan die Interlochen Music Camp — geleë in Michigan langs die Michiganmere — deelgeneem. Die kampus is in 'n woud langs een van die mere geleë en studente bly in houthutte of "cabins."**


**Die kos is nie baie gesond nie en ons het soggens o.a. versuikerde graankos, "doughnuts" en pannekoek gekry. Middagete was nie veel beter nie, want dit het uit hamburgers, pastageregte ens. bestaan. Ons mag geen kos in die hutte gehou het nie, want goggas en eekhorinkies floreer in die woud.**

**Ons is hartlik verwelkom deur die Amerikaners. Die kamp was tydens Amerika se somervakansie en daar was daagliks besoekers op die kampus. Om elke hoek en draai hang daar 'n Amerikaanse vlag — hulle is baie lief vir hulle volkslied en vlag.**

**Met my aankoms moes ek in 'n oudisie speel. Daarna is ek as eerste viool, nommer 5 in die 'World Youth Symphony Orchestra', kortliks WYSO, geplaas. WYSO het elke Sondagmiddag en -aand in 'n opeluggehoorsaal opgetree en daar is elke keer 'n radio-opname gemaak.**

**Ek het elke week in 'n strykersensemble gespeel en was ook twee keer solis by 'n uitvoering. Dr Edward Shmider, hoof van Suid-Kalifornië se universiteit en 'n briljante mens, het weekliks 'n uur lank vir my les gegee.**

**Die laaste aand het al die verskillende groepe en orkeste gesamentlik opgetree en daarna moes ons afskeid neem — wat op 'n tranedal uitgeloop het."**



*Lucie van der Bergh*

| IN | UIT |
|---|---|
| Fingers, Braais | Jacqueline's, Limelight |
| Stan Katz | Martin Bailey |
| M-Net | TV4 |
| Griffel | Griffel |
| Bikini's | Short's |
| Margate | Plett |

# Hoe romanties is jy?

Beantwoord die volgende vrae en vind uit hoe romanties jy is...

**As jy vir hom/haar gaan kuier. Wat doen julle?**

a. Kyk 'n video

b. Sit om 'n kaggelvuur en bring die aand *rustig* saam deur.

c. Sit om die kombuistafel, drink koffie en gesels oor Shaka Zulu.

**As jy vir hom/haar iets gee, gee jy?**

a. Sjokolade.

b. Die nuutste Mills en Boon

c. Blomme

d. Arwa-sykouse

**As julle die aandjie uitgaan, waarheen gaan julle?**

a. Inry

b. Kersligete by Frankie Lane

c. Gaan speel speletjies in Sunnypark

d. Crack

**As julle soen, hoe soen julle?**

a. Vinnig

b. Met toe oë

c. Met die mond

**As julle gestry het, wat is jou houding?**

a. Gee nie om nie, breek op

b. Lag dit af en gaan huil dan die Vaaldam in jou kamer vol.

c. Vra om verskoning en sê dis jou skuld.

d. Maak of dit glad nie gebeur het nie.

**Jou telling**

**1. a:2, b:4, c:1, d.3.**
**2. a:1, b:3, c:2, d:4.**
**3. a:4, b:2, c:3, d:1.**
**4. a:3, b:1, c:2, d:4.**
**5. a:1, b:2, c:3, d:4.**

**Telling**

**16-20:** Jy is 'n baie romantiese persoon, miskien te liefdevol. Jy moet onthou dat die lewe nie net liefde is nie, maar ook 'n bietjie plesier.

**10-15:** Jy is net die regte persoon om as meisie/ou te hê. Jy hou daarvan om te verras en is ook nie te ernstig nie. Op die lange duur sal jy die beste maak uitmaak. Pasop net om dalk nie te veel rond te 'jol' nie. Veral as jy 'n Waterdraer of Leeu is.

**)-10:** Jy is so onromanties soos die onderwyser in die Biologieklas. Jy dink jy is net diê persoon, maar niemand sal ooit langer as een aand saam met jou deurbring nie. Daar is nie veel hoop vir jou nie, maar jy kan verbeter deur 702 se Helpline te kontak.

**Kallie moes een aand sy suster se kind gaan oppas het.**

**"Sus, toe jy weg was het Pietie 'n yslike kriek ingesluk, maar moenie bekommerd wees nie, hy slaap nou rustig na ek hom 'n paar insekdoders ingejaag het.**

**Het u geweet dat onderwysers glimlag as die weerlig slaan. Hulle dink daar word foto's van hulle geneem.**

**Eendag was daar 'n Boer, 'n Skot en 'n Engelsman. Vandag is daar baie.**



*Oplettingsvermoë van 'n ware Affie.*

**(J. du Toit)**

## DINK BIETJIE HIERAAN!

*1. Gerhard Swart sonder "stove pipes"*
*2. Die St 9's se skoolbesoek bo 97%*
*3. Die onderwysers se skoolbesoek Onder 97%*
*4. Almal let op in Mnr van Staden se klas*
*5. Juffrou Strybry bly vir 10 sekondes stil*
*6. Mnr Edwards sonder Geskiedenis*
*7. Phillip Page kyk vir 'n mens*
*8. Pieter Theron sonder 'n gebreekte been*

## MNR KRUGER, DIE HOOF, SE BOODSKAP

**Mnr Kruger bedank een en almal vir 'n jaar waarin vele hoogtepunte bereik is. Veral moet die tennisspan wat die Admin weer eens verower het, uitgesonder en gelukgewens word.**

Die TAO het ook hierdie jaar bewys waarom dit só goed met Affies gaan, die ouers van diè skool, het alles feil vir hul kinders! Dit is 'n riem onder die hart om te kan weet dat die personeel en leerlinge altyd op die ouerkorps kan staatmaak.



# Atletiek beplan groot dinge

Al dwarsdeur die jaar is daar 'n paar kinders wat 'n mens elke middag op die atletiekbaan sien. Die rede: hulle oefen vir volgende jaar se interhoër. Daar sal gevra word, maar is dit nie bietjie roeg nie? Die antwoord is beslis, nee! Die atlete beplan groot dinge vir volgende jaar. Nie net word beplan om Interhoër met meer as 100 punte te wen nie, maar die eintlike mikpunt, is Sasol. Affies het nog nie eintlik op Sasol naam gemaak nie, maar daar is besluit dat Sasol volgende jaar gaan besef dat Menlopark nie die beste atletiekskool in die land is nie en dat hulle van hul vals troontjie afgehaal gaan word.

Daar is dan ook al aan drie kompetisies deelgeneem waar puik prestasies gelewer is. Veral die O/17-baanatlete het hulle kompetisie na kompetisie oortref en die rekords het gespat!

Al die gesogte atletiektrofees kan egter nie Affies s'n word as almal nie deelneem nie. Daarom doen ons 'n beroep op elke Affie om deel te neem en sy bes te lewer want deur kwantiteit word kwaliteit verkry! Hou 1987 dop! Die rekordboek gaan herskryf word!

# IS ONS DAN SIENDE BLIND?

**Om te kan sien — een van die grootste gawes van God! Hiervan het Dr William Roland, president van die Nasionale Raad vir Blindes en internasionale verteenwoordiger van die blindes, die Affies weer bewus gemaak.**

Hulle was so bevoorreg om 'n besoek van Dr Roland te ontvang, waartydens hy hulle weer ingelig het, omtrent sy werk as blinde, onder die blindes.

Die blinde, 'n gestremde persoon, wat afhanklik is van die hulp van ander, maar 'n mens — 'n mens in eie reg. 'n Mens wat deur die samelewing ontvang, aanvaar en bygestaan moet word.

Dr Roland stel 'n wonderlike voorbeeld deurdat hy, met sy eie gestremheid, so 'n geweldige bydrae tot ons hedendaagse samelewing lewer. Nie alleen is hy 'n groot kampvegter vir die erkenning van die gestremde persoon nie, maar 'n internasionale verteenwoordiger van die gestremde. Die blinde persoon is 'n mens net soos elkeen van ons, het hy tereg gesê.

Dat hy 'n ware kampvegter is, blyk dan ook duidelik uit die blaadjies wat maandeliks versprei word onder duisende mense.

Dr Roland, 'n bekende skrywer en reeds blind vanaf sy vierde jaar, het 'n kykie in die lewe van die blinde gegee. Hy het 'n beroep gedoen op elkeen omdie nood van ander raak te sien. Met 'n treffende oorsig oor sy eie lewe van die blinde oor die algemeen, het hy ons tot diep nadenke gestem.

Is ons dan so siende blind dat ons die noodsaaklikheid van die blinde se bydrae tot die samelewing nie kan insien nie? Alleen op grond van hul menswees moet hulle ons erkenning geniet, net soos elkeen van ons ook afhanklik is van húlle erkenning...

Luister na die smeekroep van die gestremde! Die gestremde persoon is 'n mens net soos ek en jy. Hulle vra niks — net om menslik te wees, om om te gee, om te help, te verstaan... is dit dan nie maar waarna elkeen van ons smag nie?

# Veldskool op Graskop

**Op Maandag 27 Oktober het 'n klomp opgewonde Affies na Graskop vertrek. Daar aangekom het oom Sieg (die vriendelike oom) hulle in groepe verdeel. Soos enige veldskool, was dar weer eens baie lesings.**

Woensdagoggend het almal gedink dat dit nog veertig dae en nagte gaan reën. Gelukkig het die eerste sonstraal hulle die middag bereik en daar is 'n groot kanowedvaart gehou. Party was nie so suksesvol nie en Adéle en Jackie het sommer drie keer besluit dat hulle kano onderstebo op die water moet dryf. Ander het in walle vasgeroei en Tienkie en Sunette het bewys dat hulle bobaas roeiers is.

Donderdagaand het die nagmars aan die beurt gekom en moes die groepe hulle bekwaamheid met betrekking tot 'n kompas beproef. Party groepe het die kamp bekruip en toe sommer in oom Tjaart se groentetuin "geleopard crawl." Sekere groepe se kompasse was glo stukkend en het toe die Sappi se papierfabrieke besoek. Sondagmiddag het Petro se soetstemmetjie weerklink oor die mikrofoon. Die liedjie:

Ek is 'n Eensame Affie-girl.
Seuns Hoër kyk na my en gril.
Ek soek ouens hoog en laag,
maar almal sê ek studeer te graag.

Sondagaand het hulle prysuitdeling gehou en die volgende pryse is toegeken:

Dalene Calitz het die prys gekry vir die persoon wat die heelweek met 'n laag stof gekamoefleer was. Yvette Fouché was die vroulikste en Rheta en Joné het die prys ontvang vir die twee wat die siekeboeg die meeste besoek het. So is die veldskool op 'n hoë noot afgesluit.

Die St. 8's wil al die mense wat betrokke was by die veldskool bedank vir 'n genotvolle week.

**Brenda Maree**



*Janita Muller ontspan in die bus na die veldskool.*

# 'n Groetwoord en ook 'n dankiewoord aan al die Affies!

**Dr & Mev D van der Merwe**

**Affies — soos dit maar met almal in die lewe gaan, is daar altyd vir elkeen 'n begin en 'n einde — die lief en die leed — DRA ons as Godgeskape kinders, met ons saam. Op hierdie noot het ek ook dan, wat die huidige betref, aan die einde gekom van my formele verbintenis met Affies. Dit bly maar altyd 'n hartseer om totsiens te sê aan dit wat jy as joune beskou, en so is dit dan ook as ek dan vandag ook totsiens moet sê, aan die Affies! Tog wil ek terselfdertyd ook dankie sê aan al my Affievriende — waar ons oor Affies maar ook aan mekaar gebou het, sodat almal van ons eendag, saam die sterre kan bereik.**

Tog te midde van die hartseer, dra ek die wonderlike vreugde van Affiewees, met my saam. Graag wil ek dan met die Affies die volgende gedagte deel wat Affies my geleer het, wat Affie-wees is!!

Affies, op jou lewenspad vorentoe gaan jy ook op 'n stadium agter die doelpale staan, en waar 'n skop reg voor die pale, in beseringstyd teen jou geneem word. As die skop oor is, verloor jy dalk — somtyds is die skop mis, en jy is gelukkig — maar die belangrikste van alles, Affies, is die feit dat daar darem nog 'n klein bietjie speeltyd oor is al is dit baie min. Gebruik die tyd, elke sekonde tot sy maksimum en gaan skop weer af sodat die "spel" weer kan begin. Dalk is daar in die beskikbare tydjie wat oor is weer vir jou 'n geleentheid om die bal voor die pale te stel — en dan is alles die moeite werd. Affie — wees het my geleer om nooit te gaan lê nie, maar weer op te staan, om dan die skop voor die pale te gaan stel.

Aan al die Affies sê ons tot siens, maar ons sal weer terugkom om al die glorie saam met die Affies te deel want: "Een maal 'n Affie — altyd 'n Affie!"



*Die 2e, 3e en 4e rugbyspan se kapteins met hul ligatrofees, Lion de Necker, Proppie Louw en Marinus Venter.*

**'n Skoolkind het die soort motor waarin hy moet aanhou ry, sodra hy stilhou, dink die mense daar was 'n ongeluk.**

# Kadetorkes-stafoorhandiging

Anders as gewoonlik, het die Kadetorkes sse stafoorhandiging hierdie jaar op dieselfde dag as die jaarlikse Kadetparade plaasgevind. Woensdag, 1 Oktober, is definitief 'n dag om te onthou.

Nadat die parade afgehandel is en mnr. Swanepoel sy puik toestand oor vryheid gelewer het, het die gebruiklike stafoorhandiging plaasgevind. Die orkes het begin deur eers 'n vertoning te lewer. Dieselfde drilformasie en musiek is gebruik as dié wat op die kompetisie gebruik is. As ons kyk na die hoë standaard van dié optrede, veral beskou in die lig dat ons so baie juniors in die orkes het, kan ons verseker wees dat ons volgende jaar en die jare daarop 'n baie goeie orkes sal hê.

Na dié vertoning het Johnny Stobbe, ons Tamboermajoor van 1986, amptelik die Staf aan die nuutverkose Tamboermajoor, Rudolf de Jager, oorhandig. met Rudolf vooraan het die orkes afgestap van die veld af en ons kan sien dat dié Tamboermajoor die orkes goed sal kan lei.



**Het u geweet dat alle Onderwysers uit die weste kom? Ja, dit is wel waar, want al die wyse manne het uit die Ooste gekom.**

# Skietspan

**Affies se skietspan het 'n gemiddeld van 97% in die afgelope termyn gehandhaaf. Dit is volgens Mnr Swan, die afrigter, 'n besondere prestasie.**

Verder is Bosman Pretorius gekies om Noord-Transvaal in die Nasionale Bisley wat tydens die Oktobervakansie gehou is, te verteenwoordig. Hy het ook uitgeblink as die beste junior skut, terwyl Philip Ferreira aangewys is as die beste senior skut.

Die volgende uitslae weerspieël Affies se prestasies:

— In die Oos-groep het die seniors gewen terwyl die juniors derde geëindig het. Daar was slegs 0,5% verskil tussen die eerste drie skole.

— Die seniors het in die kommandament Noord-Transvaal finaal vierde gekom. Dat die kompetisie straf was, blyk uit die feit dat daar slegs 1% verskil tussen die eerste vier skole was.

Daar kan volgende jaar beslis nog meer uitstaande prestasies van hierdie spanne verwag word.

**Carl Esterhuysen**

# SPORTMAN VAN DIE TERMYN:

## Con Purchase

**Dis mos nou 'n naam wat by die Affies geen bekendstelling nodig het nie. Con is op 7 April 1968 gebore. Hy begin sy laerskool-loopbaan by die laerskool Meyerspark waar hy sommer van die begin af 'n liefde in krieket ontwikkel, 'n liefde wat hy vandag nog het. In st 3 verlaat hy Meyerspark en gaan na Anton van Wouw. Dit was 'n uiters goeie skuif op sy pad. In st 5 word hy genomineer vir die O/13 Noord-Transvaal Skolekrieketspan. Van daardie oomblik af het dinge net een rigting ingeslaan — opwaarts!**

Met die intrapslag in st 6 by Affies, begin hy vir die eerste krieketspan speel. Dit wou voorkom of hulle nogal van hom moes gehou het want vanaf st 6-10 kon hulle nie van hom ontslae raak nie. In st 7 is Con genomineer vir die O/15 Skole krieketspan. Van St 8-10 het hy sy plek in die Pretoriase Administrateursbeker krieketspan volgestaan. Asof dit nie genoeg was nie, is hy die afgelope twee jaar kaptein van hierdie einste span.


Con sê dat hy sy sukses toeskryf aan sterk geloof in sy Skepper, harde werk en goeie afrigting (en julle het gedink hy doen dit beter met melk!). Een van Con se grootste ideale is om eendag vir Noord-Transvaal krieket te speel en daarna hopelik die groen en goud van 'n Springbok te dra. Twee spelers waarvoor hy die grootste respek het, is Graeme Pollock en Ian Botham maar die twee mense wat die grootste invloed op sy loopbaan het, is sy pa en sy afrigter, Charles Crosby.

Met so 'n krieketagtergrond kan Con in die toekoms net hoër hoogtes bereik.

Con speel egter nie net krieket maar onderskei hom as 'n baie alsydige mens. Hy speel ook rugby, beoefen die redenaarskuns, woon gereeld debatte by en stel baie in die Rekenaartegnologie en -ontwikkeling belang. Con het deurgaans die belange an sy skool, dié skool, Affies eerste, gestel. Hy was dan ook gedurende 1986 die Stroom-op Redakteur.

Vir die kranige krieketspeler word die beste toegewens met die vertroue dat hy eendag, spoedig, die groen-en-goud sal dra.

**Evan Andreou**



*Con Purchase, 'n veelsydige sportman en baie goeie krieketspeler.*

# Affies speel netbal in Durban

**Drie-uur die oggend, Donderdag 24 Julie, toe die meeste normale mense nog lê en slaap het, het tien Netbal-Affies uit die bed gestrompel.**

By die skool gekom, was net die heel ywerigste (Deidre) al daar. Nadat mev Van Rensburg gebel is, het sy opgedaag. "Durbs" — hier kom Affies!

'n Vakerige Sonja het die see al net onderkant Pretoria begin soek en Juf Visser amper mal gemaak. Almal moes saam werk om vir Mev Van Rensburg wakker te hou — en het gelukkig daarin geslaag. Nadat die Kombi dit net-net tot in Durban gemaak het, kon daar in die Palm Beach Hotel ingetrek word.

Die dae het uit wedstryde speel en in die see swem bestaan. Tot die groot vreugde van almal daar, het busvragte vol sokkerspelers Saterdagoggend opgedaag. Almal het met hernieude ywer begin speel. Affies kon (gevolglik?) die meeste van hul wedstryde wen.

Daar is Vrydagaand 'n skoonheidskompetisie gehou. Tanya en Lize is deur Affies ingeskryf. Lize is as eerste prinses aangewys.

Sondagoggend, weer eens drieuur, is die terugtog aangepak. Almal is dit eens dat dit hul gees gebou het, dat hul 'n hegter eenheid is en dat hul nou vir alles kans sien.



**TOERSPAN — AFFIES**

**Agter:** *Karen van Vuuren, Helena van der Walt, Marié Heyns, Liana Lessing, Lize van Zyl, Deidre Erasmus.*
**Voor:** *Alettha Malherbe, Claudina Jonker, Tanya Eksteen en Sonya Steenkamp.*

# Tafeltennis doen weer goed

**Die tafeltennis het hierdie jaar weer puik presteer. Twee van die drie spanne het hulle liga gewen terwyl die eerste span dit net-net nie teen John Vorster gemaak het nie.**

Daar was 'ngoeie gees en kameraadskap onder die leerlinge en mnr Sheppard het net tot verdere gees bygedra. Bennie du Toit is ook gekies vir die Noord-Transvaal tafeltennis- het hulle tydens die onlangse Nasionale kampioenskappe verteenwoordig.

Die tafeltennisspelers sien uit na 'n goeie jaar volgende jaar en is seker dat die eerste span hulle liga ook sal wen. Die spanlede is ook baie dank aan mnr Sheppard verskuldig vir al sy ondersteuning en opoffering. Hy is 'n ware afrigter.

**R Mellet**

# KRIEKET

## AFFIES BLY BO!

Vanjaar se Krieket is gekenmerk deur die goeie gees en toewyding waarmee ons spelers die seisoen aangepak het. Hoewel die resultate hierdie jaar nie so goed soos verlede jaar was nie toe al die spanne nie hul ligas gewen het nie. Affies kan darem met trots sê dat al die spanne tot dié uitspeelwedstryde deurgedring het. Ongelukkig kon die eerste span onder leiding van mnr Arrie van Deventer nie weer die sukses van die eerste termyn, waar hul die liga vir die derde agtereenvolgende jaar gewen het, behaal nie. Hulle het in die Noord-Transvaalfinaal teen Menlopark verloor. In dieselfde asem word die tweede, die O/13 en 14/B-spanne wat die Noord-Transvaal-ligawenners was met hul pragvertonings gelukgewens met hulle vertonings.

Con Purchase, Jacques Retief, Jacques Engelbrecht en Rudi Brits is in die Pretoria Afrikaanse Hoërskole krieketspan ingesluit en word hartlik geluk gewens. Con het die span andermaal aangevoer en Affies was beslis die kern van die span se sukses tydens die Oktoberweek. Aan Mnr Edwards en al die afrigters, baie dankie en baie geluk! Hulle toewyding en harde werk het die reuse suksesse tot gevolg gehad.

## *AFFIES SE EIE MUURBALKLUB?*

Dit is nou al maande lank dat daar 'n paar kinders is wat vra: "Hoekom stig Affies nie 'n muurbalklub nie? Daar is minstens 100 leerlinge wat muurbal speel en 'n mens het nie noodwendig eie muurbalbane nodig nie. Muurbalspelers hou duim vas, want 1984 kan lei tot 'n nuwe sportsoort by Affies.

## *AFFIES BLY 'N TENNIS-SKOOL*


**Na 'n lang skof van Januarie tot Oktober, is dit duidelik dat die strawwe oefening en opoffering van die tennis-Affies beslis die moeite werd was. Dit was 'n baie suksesvolle jaar waarvan die volgende gebeurtenisse deel uitmaak:**

**Die eerste Bo 15-span van AHM was die wenner van die Noord-Transvaalse Provinsiale Hoërskole se liga. Hulle het so deurgedring tot die kwarteindstryd van die Administrateursbekerliga, maar is deur die sterk span van Wes-Transvaal oorwin. Verskeie AHM speelsters is gekies as lede van die Noord-Transvaalse Juniorkliniek en het wedstryde teen ander provinsies gespeel.**

Drie van ons speelsters — Jurné Viljoen, Nicolene Heathcote en Lucille Weyer is gekies vir die Noord-Transvaalse skolespan vir dogters. Jurné Viljoen het saam met Emile Fourie van AHS tweede geëindig in Technikon se gemengde dubbelspel vir hoërskole. AHM en AHS is aangewys as wenners van die A-liga en C-liga se gemengde kompetisie.

Aan die drie matrieks wat Affies nou verlaat, wil ons baie dankie sê. Jurné, Gené en Nicolene se veggees, entoesiasme en goeie sportmanskap was vir almal 'n goeie voorbeeld en aansporing. Affies gaan hulle beslis volgende jaar mis. Vir die tennis-Affies wat oorbly, word sterkte toegewens vir 1987.

**Hedwig Schumann**



*Emile Fourie, 'n st. 8-leerling wat reeds in st. 7 vir AHS se eerste tennisspan speel. Hy is ook die nommer een op die Suid-Afrikaanse Junior Tennisranglys.*

**Emile Fourie Affies se tennisster**